# SEKERE ASPEKTE VAN VERBALE KONDISIONERING IN 'N GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII

(BEDRYFSIELKUNDE)

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

deur

ANTONIE CHRISTOFFEL JOHANNES KRUGER

Honns. B.Comm.

POTCHEFSTROOM

DESEMBER 1966.

## BEDANKINGS.

Ek wil graag die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad bedank vir die navorsingstoekenning aan prof. D.J.W. Strümpfer, waardeur hierdie ondersoek moontlik gemaak is.

Ook wil ek aan die Raad en Senaat van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. my opregte dank betuig dat hulle my aanstelling as navorsingsassistent goedgekeur het.

My dank en waardering aan my promotor, prof. dr. D.J.W. Strümpfer, vir sy belangstelling, simpatieke leiding en bereidwilligheid tot hulpverlening ten alle tye.

Ook aan proff. drr. J.M. Hattingh en C.F. Schoeman my opregte dank vir hulle inspirasie en raad gedurende my studieloopbaan.

Graag wil ek ook mnr. H.G. Viljoen bedank vir die hulp wat hy verleen het tydens die insameling van die gegewens vir hierdie ondersoek. My waardering ook aan dr. C.D. Roode en mnr. J.M. Hattingh vir die raad en hulp by die statistiese verwerking van die resultate.

My dank ook aan mnr. D. Wissing vir die versorging van die verhandeling. Aan mejj. V. Snodgrass en T. van der Walt my opregte dank by die tik van die verhandeling.

Aan elke student wat vrywillig sy samewerking tot hierdie ondersoek verleen het, my opregte dank.

Ten slotte, my opregte dank en waardering aan my ouers, vir hulle bemoedigende ondersteuning en belangstelling gedurende my akademiese loopbaan.

A.C.J. KRUGER.

DESEMBER 1966.

# INHOUDSOPGAWE.


| | Bl. |
|---|---|
| Bedankings ...................................... | iii |
| Lys van Tabelle ................................. | vii |
| 1. OORSPRONG .................................... | 1 |
| Operante kondisionering ................. | 4 |
| Verbale kondisionering .................. | 8 |
| Enkele voorbeelde van eksperimentele prosedures .......................... | 12 |
| Verbale kondisionering in gestruktureerde onderhoude ...................... | 25 |
| Verbale kondisionering en persoonlikheidskenmerke ....................... | 41 |
| II. PROSEDURES EN MEETINSTRUMENTE | |
| Probleemstelling ........................ | 48 |
| Basis van onderhoudvoering ............. | 50 |
| Ander meetinstrumente | |
| a) Verdedigende instelling ........... | 54 |
| b) Instemmingsinstelling ............. | 57 |
| c) Sosiale wenslikheidsinstelling .... | 59 |
| Maatstawwe van persoonlikheidskenmerke | |
| a) Pittsburgh - emosionaliteitskaal .. | 63 |
| b) Verborge figure ................... | 68 |
| Proefpersone ............................ | 72 |
| III. RESULTATE EN BESPREKING | |
| Verbale kondisionering .................. | 79 |
| Bewustheid .............................. | 88 |
| Bespreking van resultate ................ | 90 |
| Opsomming ............................... | 96 |
| Summary ................................. | 100 |
| Literatuurlys ........................... | 104 |

| | Bl. |
|---|---|
| Bylae A .......................... | 115 |
| Bylae B .......................... | 130 |
| Bylae C .......................... | 136 |
| Bylae D .......................... | 150 |
| Bylae E .......................... | 151 |
| Bylae F .......................... | 155 |
| Bylae G .......................... | 156 |

## LYS VAN TABELLE.


| Tabel | | Bl. |
|---|---|---|
| 1. | Gemiddeldes van verskillende fases by eksperimentele en kontrolegroepe vir twee onderhoudvoerders ................. | 81 |
| 2. | Vergelykings van variansies en gemiddeldes van verskillende fases, asook van eksperimentele en kontrole groepe ...... | 85 |
| 3. | Resultate van variansie-ontledings vir eksperimentele en kontrolegroepe ....... | 86 |
| 4. | Vergelykings tussen persoonlikhede van proefpersone wat bewus was van kondisionering en die wat nie bewus was nie ................................. | 89 |

# HOOFSTUK I.

## OORSPRONG.

In 1905 het twee Russiese wetenskaplikes, naamlik Pavlov en Bechterev, tegelyk resultate van hulle eksperimente openbaar gemaak. Dit is dan ook hier waar ons vir die eerste keer gehoor het van die welbekende eksperiment waar Pavlov ŉ hond deur middel van kondisionering geleer het om speeksel af te skei as hy ŉ klokkie hoor lui. Hierdie reaksie het hulle ŉ gekondisioneerde (of ook kondisionele) refleks genoem. Dit is ŉ tipe leer wat plaasvind wanneer ŉ kondisioneringsprikkel en ŉ ongekondisioneerde prikkel herhaaldelik gesamentlik voorkom. Die kondisionering kan ook weer uitgedoof word deur afwesigheid van versterking, dit wil sê wanneer die ongekondisioneerde prikkel nie die kondisioneringsprikkel volg nie. Pavlov het ook na talle eksperimente tot die gevolgtrekking gekom dat die serebrum die plek van oorsprong van die gekondisioneerde refleks is en selfs dat alle aangeleerde gedrag uit gekondisioneerde reflekse bestaan.

Gestimuleer deur Pavlov se eksperimente het ŉ nuwe stroming in 1912 in die Verenigde State van Amerika die lig gesien, naamlik die Gedragsielkunde of Behaviorisme, waarvan J.B. Watson die voorloper en bekendste verkondiger geword het. Die Gedragsielkunde het gepoog om

die mens objektief te bestudeer. Die mens se objektief waarneembare gedrag het nou die objek van bestudering geword. Onder „gedrag" het Watson die reaksie (respons) van die lewende organisme as geheel op uitwendige prikkels (stimuli) verstaan. Alle gedrag is volgens hom, reaksie op prikkels. Die eenvoudigste eenheid van gedrag is die refleks, wat uit 'n bepaalde prikkel en 'n outomatiese reaksie daarop bestaan. Die meeste gedraginge is uiters gekompliseerd, maar kan volgens die Behavioriste tog beskou word as opgebou uit reflekse en gekondisioneerde reflekse. Die aantal natuurlike reflekse is betreklik gering en aanvanklik is daar slegs 'n klein aantal prikkels waarop die kind met 'n aangebore reaksie kan reageer. Deurdat kondisionering egter voortdurend plaasvind, dit wil sê, deurdat natuurlike prikkels deur kunsmatige prikkels vervang word, vermeerder die aantal prikkels waarop gereageer kan word ook voortdurend.

Watson was van mening dat elke prikkel wat 'n vaste reaksie oproep deur 'n ander vervang kan word. Hiervolgens sou alle reflekse en handelinge aan bepaalde voorwaardes (kondisies) gebind kon word, en as daar genoeg herhaling sou plaasvind, sou vaste gewoontes ontstaan.

Volgens Watson se siening is die mens slegs ŉ gewoontewese: as die regte prikkels op die regte oomblik aangebied sou word, sou ŉ mens deur oefening van die kind kon maak wat mens wou. Waarskynlik sy bekendste bewering is die volgende: "Give me a dozen healthy infants, wellformed, and my own specified world to bring them up in and I'll guarantee to take any one at random and train him to become any type of specialist I might select - doctor, laywer, artist, merchant-chief, and yes beggarman and thief, regardless of his talents, penchants, tendencies, abilities, vocations and race of his ancestors." (Watson, 1924, P. 82.)

Die aanvanklike ekstremisme van die Behaviorisme het mettertyd getemper geraak. Neo-Behavioristiese denkstelsels gaan egter voort met die beklemtoning van die inhoud van die omgewing en die gedagte dat alles geleer word. So het Hull daarna gestrewe om ŉ sisteem daar te stel wat alle menslike en dierlike gedrag kon verklaar, uitgaande van die sentrale gedagte van gewoonte. Sy inligting omtrent gewoonte het hy uit eksperimente oor gekondisioneerde response ingewin. Hy het komplekse gedragswyses ook stap vir stap afgelei van wat hy omtrent meer elementêre vorms van leer geweet het. (Hilgard, 1948, P. 76.)

Skinner se leerteorie en ook sy uitgesproke behaviorisme, is gebaseer op kondisioneringsbeginsels. Anderstimulus-respons-teorieë het uitgegaan van die stelreël dat: „Geen stimulus, geen respons." Die veronderstelling was dan dat as ŉ respons voorgekom het sonder enige merkbare prikkels, prikkels nogtans teenwoordig moes gewees het en dat die ondersoeker maar net nie die middele gehad het om hulle waar te neem nie. Met hierdie veronderstelling het Skinner gebreek en het hy gaan onderskei tussen „respondente" en „operante" gedrag. (Hilgard, 1948, P. 116-117).

Dit is ŉ aspek van die laasgenoemde tipe respons wat die onderwerp van hierdie verhandeling is.

## OPERANTE KONDISIONERING.

Skinner het response wat deur bekende prikkels uitgelok („elicit") word, respondente genoem. Die knieskyf- en pupilreflekse is voorbeelde daarvan. Hy het egter ŉ tweede groep response beskryf wat nie verband hou met enige bekende prikkels nie en wat eenvoudig deur die proefpersoon (of proefdier) voortgebring („emit") word. Hierdie tipe respons het hy ŉ operant genoem. Hy meen dat die prikkelomstandighede wat so ŉ operant voorafgaan nie ter sake is by ŉ poging om

dit te begryp nie. Aan die ander kant mag ŉ operant mettertyd ŉ verwantskap met voorafgaande prikkeling ontwikkel. Dit noem hy ŉ gediskrimineerde operant (discriminated operant). Die prikkel lok nie die operante gedrag uit, soos in die geval van ŉ respondent nie, maar word slegs ŉ geleentheid vir die operante gedrag om plaas te vind. Die verwantskap tussen die prikkelingstoestande en die operante respons kan wel makliker verander word as in die geval van egte refleksiewe respondente.

Volgens Skinner is menslike gedrag meestal operant van aard. Die meeste menslike aktiwiteite kan nie behoorlik verklaar word in terme van reflekshandelinge wat stiptelik op voorafgaande prikkels volg nie. Komplekse handelinge, soos dié wat deel uitmaak van ŉ mens se alledaagse leefwyse, is nie respondent van aard nie. Daarteenoor kan die gediskrimineerd-operante aard daarvan dikwels duidelik herken word. Anders as in die geval van Pavlov se honde toon menslike eetgewoontes byvoorbeeld, nie ŉ starre reflekskarakter nie. Die gedrag toon verband met bepaalde prikkelingsinstansies, soos die tyd van die dag, die sien van kos, die lui van etensklok, ens. Maar hierdie dinge het nie noodwendig ŉ uitlokkende uitwerking op die gedrag van die persoon

op wie hulle inwerk nie. Daar kan egter wel gesê word dat hierdie voorafgaande prikkelinge geleenthede word vir die operante gedrag om te voorskyn te tree.

In verband met die taalfunksie („verbale gedrag" in Skinner se terme) van die mens kom die operante aard van die menslike gedraginge duidelik na vore. Skinner beklemtoon dat spraakgeluide voortgebring word („are emitted)" en nie langs ŉ reflekse weg deur prikkels na vore geroep word nie.

Sekere spraakgeluide word egter deur die optrede van die luisteraar versterk. ŉ Moeder mag byvoorbeeld allerlei aanmoedigende bewyse van blydskap, waardering of liefde, of selfs konkrete belonings gee wanneer haar kind sekere spraakgeluide maak. Sodoende vind ŉ proses van „verbale kondisionering" plaas, waarby operante spraakresponse sonder die toedoen van enige merkbare prikkels voortgebring word, maar deur luisteraarsgedrag versterk word en ŉ verwantskap daarmee ontwikkel. Daarna tree die spraakresponse as gediskrimineerde operante op. Die prikkels wat van die luisteraar uitgaan, skep die geleentheid vir die operante verbale gedrag om op te tree. Skinner (1958) defineer verbale gedrag dan as gedrag waarvan die versterking deur be-

middeling van 'n ander persoon gelewer word.

Pavlov en Bechterev se refleksologie het daarna gestreef om menslike funksionering in biologiese terme te verklaar: alles moes verstaan word in terme van aangebore reflekse en wysigings daarvan deur kondisioneringsprosesse. Watson se behaviorisme was uit-en-uit 'n diere-sielkunde, waarby dierlike tipes dressuur die plek van opvoeding ingeneem het. Daar was ook 'n soort noodwendige kousaliteit tussen prikkel en respons in sy verklarings. Skinner se operante kondisionering staan in 'n groot mate ook nog op hierdie vlak wat professor Hattingh (1946) die bioties-psigiese laag noem. Sy gedagte van response wat voortgebring word en nie bloot respondente op prikkels is nie, het sy teorie egter baie meer plasties gemaak. By oorweging van sy teorie moet gewaak word teen sy ontkenning van geestelik-psigiese funksionering by die mens. Dat hy egter 'n uiters waardevolle verklaringsbeginsel vir baie aspekte van menslike funksionering gevind het, ly geen twyfel nie. Soos uit die verdere literatuuroorsig duidelik sal word, het talle navorsers die bestaan van die verskynsel van verbale kondisionering ook duidelik aangetoon.

## VERBALE KONDISIONERING.

Die essensie van die Skinnerbenadering tot verbale gedrag is die aanvaarding van verbale gedrag as 'n respons op sigself. Hierdie standpunt word as volg deur Greenspoon (1962, pp. 510-511) gestel: „Members of the response class may occur with some ascertainable frequency prior to the introduction of any specific set or sets of operations by the experimenter. If such conditions prevail, then it should be possible to work with verbal behaviour in much the same way that experimenters have worked with the behaviour of rats, pigeons etc. It should also be possible to investigate the same kinds of variables that have been investigated with non-verbal behaviour of humans and infrahumans."

By verbale kondisionering volg 'n verbale of nie-verbale versterkingstimulus direk na 'n bepaalde verbale respons en laasgenoemde kom dan meer of minder voor, al na gelang die versterking positief of negatief is, op hulle beurt, self deur 'n lang proses van min of meer toevallige, voorafgaande versterking gekondisioneer. (Skinner 1953, p. 70). Voorbeelde van sulke gekondisioneerde verbale versterkers is uitdrukkings soos: „Dis reg," „Goed," „Ja," „Nee" of die klanke van „Mmm-hmm" vir instemming en „Uh-uh" vir ontkenning. 'n Goed-

keurende kopknik, glimlag of waarneembare bewys van belangstelling, byvoorbeeld deur na die kant van die proefpersoon oor te leun, asook afkeurende gebare soos kopskud kan ook in hierdie verband genoem word. Sulke sosiale stimuli word vanweë hulle kragtigheid as versterkers, gewoonlik in eksperimentele werk oor verbale kondisionering gebruik.

ŉ Positiewe versterker is: „Any event produced by one individual which strengthens that behaviour", terwyl ŉ negatiewe versterker omskryf kan word as: „Any event, produced by an individual, the elimination or avoidance of which strengthens the behaviour which eliminates or avoid it." (Salzinger, 1959, p. 66)

Volgens Skinner (1958) het die rol wat die begrip kondisionering in menslike verhoudinge speel die afgelope 25 jaar snel toegeneem. Dit het veral gebeur omdat feite gesoek word om die mens se gedrag in ŉ interpersoonlike situasie te voorspel.

Dit is dus op sigself duidelik wat die belangrikheid daarvan is, want hierdeur kan daar moontlik reëls vasgelê word vir elke interpersoonlike situasie wat moontlik tot voordeel van die mens kan strek.

Die wêreld waarin ons lewe, is een groot kompleks van positiewe en negatiewe impulse. Noodwendig moet die impulse ŉ invloed op die individu uitoefen, en so ook dus op sy gedrag in sosiale situasies. Ten eerste kry ons die oorgeërfde geestelike en fisiese potensialiteite wat innerlik en uiterlik van aard is. Hierdie potensialiteite kom tot ontwikkeling deur die opvoeding, wat weer alle impulse van die kosmos wat op die individu inwerk, insluit. Hierdeur word sy persoonlikheid, karakter en temperament gevorm en vasgelê wat voltooi word by volwassenheid. Die invloede of impulse van die kosmos het ook nie dieselfde reaksie tot gevolg by die individu nie, en daarom het geen twee persone identies dieselfde persoonlikheidskontingensie nie. Dit is dan ook om hierdie rede waarom navorsing op die gebied van verbale kondisionering so ingewikkeld en kompleks is.

Ongelukkig is dit prakties onmoontlik om die invloed van die hele kosmos tegelyk te ondersoek. Dit sluit in die hele persoonlikheidstruktuur van die objek (proefpersoon) asook die van die subjek (waarnemer of eksperimenteerder) in die totale situasie waarin waarneming gedoen word. Om dié rede word sekere elemente uitgesoek en bestudeer om sodoende te probeer bou totdat die geheel wat miskien later bereik sal word, verkry is.

ŉ Verdere probleem is ook dat by verbale kondisionering nie van uiterlike handelinge gebruik gemaak kan word nie. Dit bestaan hoofsaaklik uit innerlike handelinge wat hoofsaaklik die denke of geestelike insluit en in ŉ mindere mate die uiterlik- en innerlik-oorgeërfde handelinge.

Om die drie gedragswyses te bestudeer is redelik subjektief van aard, want ons moet van indirekte metodes gebruik maak om dit te bestudeer. Die subjektiwiteit kan egter te bowe gekom word as soveel inligting moontlik verkry kan word en dit dan met mekaar te vergelyk. Die inligting word meesal deur middel van meetinstrumente verkry.

Verder sê Skinner (1958) ook dat die waarnemer vooraf ŉ skedule van kondisionering moet kies wat vir die organisme aanvaarbaar sal wees. Hierdeur kan mens leer wat vir ŉ persoon ŉ positiewe of negatiewe versterker is, en kan mens agterkom wat die organisme se motivering is deur sy gedrag met sy persoonlikheid te vergelyk. Sodoende kan die klinikus leer deur te weet watter aspekte hy positief of negatief moet versterk om sodoende ŉ kettingreaksie van positiewe resultate te verkry.

Die mens is ook onvolmaak en daarom kan hy altyd vooruit gaan; hy is dus nie stagnant nie, maar dinamies; goed, sal nooit goed genoeg wees nie. Daarom is Skinner (1958) van mening dat navorsing op hierdie gebied daartoe kan lei dat ons tegnieke sal vervolmaak om sodoende positiewe gedrag in die handel, psigoterapie, opvoedkunde, godsdiens en politiek daar te stel. Dit sou van verbale kondisionering, na sy mening, miskien die produktiefste instrument van die twintigste eeu maak.

ENKELE VOORBEELDE VAN EKSPERIMENTELE PROSEDURES

Soms word na verbale kondisionering verwys as die „Greenspoon-effek" (Spielberger en De Nike, 1962), omdat Greenspoon (1954 en 1955) die eerste ondersoeker was wat hierdie verskynsel deeglik eksperimenteel ondersoek het en operante kondisionering by die beïnvloeding van die mens betrek het. Sy navorsing van hierdie ondersoek was dan ook daarop gemik om te bepaal wat die invloed van versterkers op 'n voorafbepaalde responsklas is.

Hy het studente as proefpersone gebruik. Die proefpersone moes woorde opnoem, sonder om te tel of om sinne te gebruik. Die eksperimente het 50 minute geduur, waar-

van net in die eerste 25 minute versterking gegee is. Die responsklasse wat versterk is, was alle meervoudige selfstandige naamwoorde en in tweede geval alle woorde behalwe meervoudige selfstandige naamwoorde. Geen stimulus is vir die kontrolegroepe gegee nie.

In sy eerste eksperiment (1954) het hy ŉ rooi liggie en ŉ toon van 190 cps. as versterkers gebruik. In (1955) het hy twee verbale versterkers, naamlik „mm-hmm" en „huh-uh" as versterkers gebruik. Andersins was die prosedure dieselfde.

Die proefpersone is ook in verskillende groepe ingedeel vir elke responsstimulus asook vir elke responsklas.

Hy het gevind dat „mm-hmm", flikkerlig en geluid ŉ duidende vermeerdering van die responsklas teweeggebring het in verhouding met kontrolegroep en dat „huh-uh" duidend minder van die responsklas voortgebring het in verhouding met die kontrolegroep.

Hierdie prosedure waarby die sê van woorde, of ook van syfers, versterk word, is deur ŉ hele aantal ander ondersoekers herhaal. In die algemeen kom dit daarop neer dat die proefpersoon gevra word om alle woorde op te noem waaraan hy kan dink, elkeen afsonderlik; hy mag net nie sinne of aanhalings gebruik nie. Woorde van ŉ

voorafbepaalde responsklas word dan versterk. In die „syfer-sê" - situasie moet die proefpersoon syfers opnoem, maar hy mag nie tel nie. Die responsklas mag dan byvoorbeeld alle syfers wees waarin 'n nul voorkom, soos 10, 20, 30, 100 ens.

Eksperimenteerders wat op die gebied navorsing gedoen het was onder andere Fattu en Mesch (1955), Mandler en Kaplan (1956) en Strickland (1963). Hulle het almal „mmm-hmm" as versterker gebruik, maar nie dieselfde responsklas gekondisioneer nie. Eersgenoemdes het meervoudige syfers versterk, Mandler en Kaplan meervoudige naamwoorde en laasgenoemdes, werkwoorde. Wilson en Verplanck (1956 (a) en (b)) het ook „mm-hmm" tesame met die neerskrywe van die responsklas as versterkers gebruik. In 1956(a) het hulle meervoudige woorde, en in 1956(b) alle woorde wat met reis en lewendige dinge te doen het, gekondisioneer. Spielberger en De Nike (1962) het negatiewe resultate met hierdie prosedure gevind, waarop Greenspoon (1963) egter krities gereageer het.

'n Tweede vorm van eksperimentele opset is die sogenaamde <u>Taffel-prosedure</u> waarby die proefpersoon gevra word om sinne te maak. Taffel (1955) het eerste van die metode gebruik gemaak en sederdien is die metode

talle kere nagevolg, identies of in gewysigde vorm. Wit indekskaarte van 3 X 5 duim is gebruik. In die middel van elke kaart was 'n ander werkwoord getik, waaronder telkens vyf voornaamwoorde naamlik, „I, We, He, She, They" getik was. Die proefpersoon moes dan sinne maak en elke sin beginnende met „I" of „We" is versterk. Die volgorde van die voornaamwoorde is ook afgewissel om moontlike volgorde-effekte uit te skakel. Die volgende eksperimenteerders het almal die prosedure gevolg en slegs „mmm-hmm" is as versterker gebruik maar onderling het die responsklas wat gekondisioneer is, verskil. Sarason (1957) het werkwoorde versterk, Sarason (1958) verbale aktiwiteite (werkwoorde), Sapolsky (1960) en Caruth (1962) „I" en „We" voornaamwoorde, DuLany jr. (1961) meervoudige naamwoorde en Cairns en Lewis (1962) aggressiewe woorde. Crowne en Strickland (1961) en Southwell (1962) het „mmm-hmm" en kopknik as versterkers gebruik om meervoudige naamwoorde en aggressiewe woorde onderskeidelik te kondisioneer, terwyl Winfree en Meyer (1963) "good" en „mmm-hmm" gebruik het om voornaamwoorde te versterk by proefpersone wat nie van die versterker bewus was nie.

Die volgende ondersoekers het egter negatiewe resultate met die Taffelprosedure gevind. Daily (1953)

het voornaamwoorde met „mmm-hmm" versterk, Cairns en Lewis (1962) het aggressiewe woorde versterk by persone wat lae afhanklikheidstellings gehad het, terwyl Quarrick (1962) voornaamwoorde met „mmm-hmm" versterk het by persone wat bewus was van die versterker.

ŉ Eksperimentele situasie waarby nog minder struktuur aanwesig is, naamlik die onderhoudsituasie, is ook in verband met verbale kondisionering ondersoek. Voorbeelde van, en ondersoeke oor betreklik gestruktureerde onderhoude is die van Ball (1952) en Krasner (1955). Ball het sy proefpersone gevra om denkbeeldige stories te vertel wat drie kategorieë naamlik man, vrou en dier ingesluit het. Die kategorie „dier" is versterk. Krasner het dieselfde gedoen en vier karakters ingesluit naamlik moeder, vader, kind en dier. Alle naam- en voornaamwoorde verwysende na moeder is versterk.

Die mins gestruktureerde situasie, naamlik dié van ŉ gewone gesprek, is deur Verplanck (1955), Azrin, Holtz, Ulrich en Golddiamond (1961), Centers (1963) en Viljoen (1966) ondersoek.

Verplanck het van die veronderstelling uitgegaan dat as ŉ persoon saamstem met die menings van ŉ spreker, die spreker ŉ sterk toename in sy frekwensie van menings

sal toon. Hierdeur voer hy dus aan dat deur middel van verbale kondisionering ŉ persoon se verbale gedrag gemanipuleer kan word sonder dat hy daarvan bewus is.

In sy eksperiment het hy van 17 onderhoudvoerders gebruik gemaak. Die vereistes van sy onderhoud was dat: (a) slegs twee persone teenwoordig mag wees; (b) dat onderhoudvoerder ŉ horlosie, potlood en papier byderhand moes hê; (c) dat albei persone genoegsame tyd het om vir minstens 30 minute te kan gesels. In die eerste tien minute van die onderhoud het die eksperimenteerder geen versterker gegee nie, en is die operante vlak van opinies bepaal. Gedurende die tweede tien minute is alle opinies versterk met response: (a) Ja; (b) dis reg, deur met die kop te knik of te glimlag of deur parafrasering. Gedurende die derde tien minute het die onderhoudvoerder glad nie gereageer nie deur alle versterking te onttrek of deur dit te ontken.

Die responsklas wat versterk is, was alle opinies beginnende met „I think", „I believe", „It seems to me", „I feel", ens.

Geen proefpersoon was bewus van die doel van die ek-

speriment nie, behalwe gedurende die uitdowingsfase het die proefpersone ongemaklik voorgekom.

Die resultate wat Verplanck behaal het, toon dat daar wel kondisionering plaasgevind het, met ander woorde die proefpersone het ŉ vermeerdering van opinies (responsklas) getoon gedurende die tweede fase waar versterking gegee is. Gedurende die uitdowings-periode het 21 van die 24 proefpersone ŉ daling in aantal opinies getoon.

Die veronderstelling wat Verplanck dus gemaak het, is bevestig naamlik dat ŉ spreker onbewus gemanipuleer kan word in sy verbale gedrag.

Centers (1963) het Verplanck se eksperiment herhaal. Sy eksperiment het van die vorige verskil, deurdat hy gebruik gemaak het van ŉ laboratoriumsituasie, van ŉ bandopnemer en ŉ goed opgeleide eksperimenteerder. Verder was sy ondersoek dieselfde as dié van Verplanck. Gedurende die eerste tien minute is operante vlak bepaal, gedurende die tweede tien minute is versterking gegee en uitdowing in die laaste tien minute.

Gedurende die eerste tien minute het die eksperimenteerder met algemene belangstelling en aandag geluister. Indien die proefpersoon vrae gevra het wat be-

antwoord moes word, het hy ŉ neutrale antwoord gegee. In die tweede tien minute is die responsklas versterk deur parafrasering, simpatieke goedkeuring „Ja", „Ek sien", ens. Indien ŉ stilte van meer as twee minute verloop het, kon die proefnemer ŉ neutrale vraag stel.

Gedurende uitdowingsfase het hy stil gebly of ontken.

Na die onderhoude is die bande ontleed en getabuleer in kategorie van opinies, informasie en vrae.

Resultate toon dat kondisionering plaasgevind het met totale verbalisasies, met inligtinggewende operante (information operants) en met opinies, maar nie met vrae nie. Dit bevestig dus Verplanck se bevindinge. Hy voeg ook by deur te sê dat die indiwiduele verskille wat voorgekom het, toegeskryf kan word aan moontlike persoonlikheidsfaktore.

Azrin e.a. (1961) het Verplanck se bevindinge as te dramaties beskou. Vervolgens het ~~hy~~ hulle die eksperiment met voorgraadse studente herhaal. Verskeie probleme is ondervind, naamlik die proefpersoon het uitgeloop gedurende uitdowing, die onderhoudvoerder was gedwing om aan die gesprek deel te neem, die proefpersone was bewus daarvan dat die data afgeneem word, probleme is ondervind met tydsafbakening of die onderhoudvoerder

het te veel belanggestel in die gesprek en vergeet om data aan te teken.

Na aanleiding hiervan is 'n tweede eksperiment uitgevoer op voorgraadse studente. Die proef~~persone~~nemers is ook onderrig gegee in die invloed van versterking op opinies. Ten spyte van die onbetroubaarheid in die identifisering van opinies, het die groep ook positiewe resultate gegee. Verder is gevind dat studente wat relatief min kennis gehad het betreffende die invloed van versterking op verbale handelinge geen merkbare verskil in opinies behaal het nie. Azrin het dit toegeskryf aan twee redes, naamlik: Hulle het nie die regte prosedure gevolg nie, of hulle het nie enige verwagtings ten opsigte van die resultate gekoester nie.

'n Verdere eksperiment is uitgevoer met gewysigde prosedures. Aan een groep proefnemers is gedurende 'n lesing oor emosies gestel dat deur van 'n proefpersoon te verskil ten opsigte van 'n sekere responsklas, dit 'n vermeerdering van die responsklas teweeg sou bring. Hy het die effek toegeskryf aan Katarsis „(Catharsis)". Aan 'n tweede groep is gestel dat deur van 'n proefpersoon te verskil ten opsigte van 'n sekere responsklas dit 'n vermindering van die responsklas tot gevolg sou

hê. Die resultate verkry was dan ook in ooreenstemming met die verwagtinge van die eksperimenteerders. Verdere navraag onder die eksperimenteerders het aan die lig gebring dat hulle die gegewens gefabriseer het, en dus nie 'n ware weergawe is nie.

Vervolgens is die eksperiment herhaal met vier onderhoudvoerders met gevorderde sielkundige opleiding, twee het ervaring gehad in die kondisionering van diere, drie was nie bevooroordeeld teenoor negatiewe resultate nie en al vier het ondervinding gehad in die identifisering van opinies. Hulle was ook beperk net tot die gee van positiewe of negatiewe versterking van opinies, hulle mag geen vrae gevra het nie, asook geen bewering gemaak het of enige ander tipe interaksie gebruik het nie. As gevolg van die beperkings was nie een van die vier onderhoudvoerders in staat om hul eksperiment te voltooi nie, al die proefpersone het binne die eerste tien minute die vertrek verlaat. As gevolg van die bogemelde faktore het Azrin e. a. skepties gestaan teenoor die invloed van verbale kondisionering waar daar nie van outomatiese apparate gebruik gemaak is nie, en waar daar ook nie deeglike voorsorg ten opsigte van betroubaarheid gemaak is nie. As dit nie nagekom word nie,

sal die resultate eerder „a reflection of the experimenters expectations and theories than that of the subjects behaviour" wees.

Viljoen (1966) het ook Verplanck se eksperiment herhaal. Sy oogmerk met die ondersoek was om die metodologiese probleme wat ondervind was op te klaar en helderheid te verkry in die teenstrydige bevindings van navorsers op die gebied. Verder het hy ook gepoog om die verband tussen kondisioneringsbaarheid en persoonlikheidsveranderlikes te bepaal.

Twee eksperimenteerders is gebruik. Beide was goed bekend met die literatuur oor verbale kondisionering.

Die responsklas wat gekondisioneer was, was opinies wat ingelui was met die eerste persoon enkelvoud, byvoorbeeld „Ek dink ....," „Ek voel ....," ens. Die responsklas is versterk met versterkers „Mm-hmm", „Ja", „Ek stem saam", ens. Die eksperimenteerders moes hulle weerhou van nie-verbale versterkers soos kopknik, glimlag ens.

Die eksperimente is in 'n laboratorium op damesstudente uitgevoer. Die onderhoud het 'n halfuur geduur. Dieselfde prosedure as Verplanck is gevolg. Die onderhoud is ook voorafgegaan deur instruksies waarin uit-

eengesit is wat van proefpersoon verwag word. Al die onderhoude is op band opgeneem. Alle gegewens is ook afsonderlik statisties duidend tussen twee beoordelaars beoordeel. Verskeie persoonlikheidstoetse en ander maatstawwe is ook afgeneem.

Die resultate toon dat Eksperimenteerder A statisties duidende kondisionering verkry het, terwyl Eksperimenteerder B geen vermeerdering van opinies verkry het nie.

By vergelyking van die twee groepe proefpersone is gevind dat groep A (wat gekondisioneer het) ꞌn hoër mate van „sociability and favourable interaction with others ...." as groep B wat nie gekondisioneer het nie. (Na aanleiding van gegewens verkry van die P.O. - skaal - Persoonoriëntasieskaal - C.P.I., en die S.D. - skaal - Social Desirability Scale, Edwards, 1957).

Die „California Psychological Inventory" (CPI) is ook op beide eksperimenteerders toegepas. Die enigste skale waarop daar ꞌn noemenswaardige verskil verkry is, is die Sp-skaal (Sosiale teenwoordigheid) Gi-skaal (maak van goeie indruk) Fx-skaal (buigsaamheid) en die Po-skaal (Persoonoriëntasie-faktorskaal).

Met behulp van die omskrywings in die CPI-handleiding (Gough, 1960) is die persoonlikhede soos volg omskryf:-

Eksperimenteerder A word gekenmerk deur 'n informele, spontane, buigsame en sosiale geaardheid, „as having an expressive, ebullient and outgoing nature, as being concerned with making a good impression", terwyl B omskryf kan word as „teruggetrokke, geduldig, geïnhibeer, vasberade, onbuigsaam" en „as being cool and distant in their relationship with others".

As gevolg van die gegewens spekuleer Viljoen verder dat die klem eerder moet val op die interaksie tussen proefpersoon en eksperimenteerder, aangesien daar waar beide 'n ekstrovert was, kondisionering plaasgevind het, terwyl waar proefpersoon en eksperimenteerder introverte was, geen kondisionering plaasgevind het nie.

Volgens die gegewens konkludeer hy dat die klem meer gelê moet word op die persoonlikheid van die onderhoudvoerder - 'n aspek wat tot dusver nog oor die hoof gesien is.

## VERBALE KONDISIONERING IN GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE.

Die beswaar word dikwels teen die gebruik van die onderhoud as bron van inligting (bv. met die oog op indiensneming) geopper dat sodanige onderhoude op 'n lukraakwyse, sonder beplanning van organisasie is. Die tipe inligting wat sodoende van een proefpersoon, informant of aansoeker verkry word, mag dan in 'n mate verskil van die wat van 'n ander verkry word. Gevolglik kan die gegewens wat van verskillende persone verkry word nie vergelykendeswys geëvalueer word nie.

Die tekortkominge wat uit hierdie lukraakbenadering voortvloei, het gelei tot die ontwikkeling van wat deur verskillende skrywers beskryf is as gestruktureerde, gestandardiseerde of ook, in Engels „patterned" onderhoudsprosedures. By so 'n onderhoud word 'n voorafbepaalde patroon gevolg ten einde te verseker dat sekere spesifieke gebiede gedek word. In die indiensnemingsituasie word byvoorbeeld spesifieke gebiede, waaromtrent tevore aangetoon is dat hulle verband hou met werksukses, sistematies gedek. Die gestruktureerde onderhoud word dan beplan om sodanige inligting op 'n doeltreffende en planmatige wyse te bekom. (Tiffen en McCormick, 1962, P. 54).

In hierdie verband duik die probleem egter op dat die onderhoudvoerder se eie opinies of houdinge omtrent ŉ bepaalde aangeleentheid tot gevolg mag hê dat hy onbewus die persoon met wie hy die onderhoud voer, mag beïnvloed om sy antwoorde op vrae te wysig, of minstens in ŉ mate te rig. Die probleem is dat twee stelle eise, wat nie ten volle met mekaar versoenbaar mag wees nie, aan die onderhoudvoerders gestel word. Enersyds moet sy eie optrede so neutraal moontlik wees. Sover doenlik moet hy slegs vrae stel en die antwoorde daarop aanteken. Uit die oogpunt geld dat „the <u>less</u> of the interviewer (his opinions, predispositions and personality) that is allowed to emerge in the interviewing situation, the better". (Dunette en Kirchner, 1965, P. 208)

Daarteenoor moet die onderhoudvoerder „also be friendly, warm, gracious and courteous in order to gain and maintain co-operation and close rapport with the respondent" (loc cit). Namate die onderhoudvoerder meer toegee aan die tweede eis, bestaan die gevaar dat hy die persoon met wie hy die onderhoud voer op ŉ nie-neutrale wyse mag beïnvloed.

In die lig van wat tevore omtrent verbale kondisionering gesê is, is dit duidelik dat onbewuste posi-

tiewe versterking van response wat met die opinies of houdinge van die onderhoudvoerder ooreenstem, en negatiewe versterking van teenoorgestelde response, 'n belangrike bemiddelende faktor mag wees. Heelwat navorsing, waarby hierdie betreklik toevallige versterking deur bewustelike manipulering vervang is, is reeds uitgevoer. Die huidige ondersoek handel ook oor aspekte van hierdie probleem, deurdat verbale kondisionering toegepas is in die hoogsgestruktureerde onderhoudsituasie deur 'n vralys mondeling af te neem.

Verbale kondisionering in 'n gestruktureerde onderhoud kan omskryf word as 'n verbale of nie-verbale stimilus of versterker, primêr of sekondêr, positief of negatief, wat direk na 'n spesifieke verbale respons gegee word, en wat die waarskynlikheid van hierdie respons vermeerder of verminder.

'n Poging om slegs verbale versterking by verbale kondisionering te gebruik, is deur Hildum en Brown (1956) aangewend.

Hulle wou die ongekontroleerde aspekte wat in 'n onderhoud aanwesig mag wees, naamlik glimlag, kopknik, liggaamshouding en ander nie-verbale versterkers uitskakel. Die situasie waar die onderhoudvoerder agter die proefpersoon plaasneem, het hulle nie tevrede ge-

stel nie. Gevolglik het hulle ŉ houdingsondersoek per telefoon uitgevoer. ŉ Ander oogmerk by hierdie ondersoek was om te bepaal of dit moontlik sou wees om ŉ inhoudskategorie te versterk en nie spesifieke verbalisasies nie.

ŉ Onderwerp is gekies waarop die proefpersone nie ŉ sterk mening sou nahou nie, en dus ontvanklik sou wees vir beïnvloeding. Die onderwerp wat gebruik is, was vrae oor die houding van proefpersone ten opsigte van die „Harvard Philosophy of General Education".

Die vraelys het uit 15 items bestaan en elke item het weer uit vier moontlike antwoorde bestaan, naamlik:
(a) Sterk ten gunste (strongly agree);
(b) ten gunste (agree slightly);
(c) nie ten gunste nie (disagree slightly) en
(d) sterk nie ten gunste nie (strongly disagree).
Die vrae is so bewoord dat sommige ten gunste en sommige nie ten gunste van algemene opvoeding was. Vir elke antwoord is ŉ waarde toegeken, naamlik een punt as die antwoord sterk ten gunste was en twee punte as dit ten gunste was, drie as dit nie ten gunste was en vier as dit sterk nie ten gunste van algemene opvoeding was. In gevalle waar die persoon nie ŉ opinie wou uitspreek nie, is 2.5 vir die antwoord

toegeken.

Die vraelys is ook voorafgegaan deur 'n breedvoerige omskrywing oor die doelstellings van die departement om sodoende seker te maak dat proefpersone presies verstaan watter vrae ten gunste van die doelstellings en watter nie ten gunste daarvan was nie.

Verder sê Hildum en Brown „it is generally possible to predict from the answer to one of these questions the answers to all the others."

Veertig manstudente is as proefpersone geneem. Hulle is in vier groepe verdeel, tien in elke groep. Die proefnemer het homself voorgestel as 'n lid van Harvard se „Department of Social Relations" en gesê dat hy die studente wat met 'n vakansie-kursus (Summer School) daar is, se opinie met die res van die studentegemeenskap wou vergelyk.

Vir twee groepe is „Mm-hmm" as versterker gebruik, vir een groep as hulle antwoorde ten gunste van algemene opvoeding was, en vir ander as hulle antwoorde nie ten gunste daarvan was nie. Vir ander twee groepe is „goed" as versterker gebruik, vir een groep as sy antwoord ten gunste van algemene opvoeding was en vir tweede as sy antwoord nie ten gunste daarvan was nie.

Vier-en-twintig proefpersone was gewillig om te spekuleer wat die proefnemer se houding was en drie-en-twintig het gemeen hy was ten gunste van algemene opvoeding, omdat ɱ persoon nie navorsing doen oor ɱ onderwerp as jy nie ten gunste daarvan is nie. Dit is dus duidelik dat die resultate nie die gevolg is van bewustheid van die kondisioneringsprosedure nie.

Hulle het in hul resultate gevind dat „goed" effektief was maar dat „Mm-hmm" nie effektief was vir kondisionering nie.

Die eksperiment is later herhaal gedurende ɱ voorgraadse tutoriale klas. Dieselfde resultate as met eerste eksperiment is verkry.

Hulle het verder gespekuleer dat „mm-hmm" in Greenspoon se ondersoek effektief was, omdat die proefpersoon desperaat raak en dus enige aanduiding van die proefnemer sal opmerk, selfs ɱ rooilig. As hy egter op ɱ responsklas wat sinvol is, moet respondeer, sal hy nie soveel let op die aanduidings van die proefnemer nie. Uit die navraag blyk dit ook dat „goed" meer sigbaar as „mm-hmm" was, omdat agt proefpersone daarvan bewus was en net een van „mm-hmm". Verder het „goed" ook ɱ meer gunstige betekenis as

„mm-hmm".

Hildum en Brown se negatiewe resultate kan moontlik verklaar word, omdat: (a) dit miskien te sag uitgespreek was; (b) die verbale klank sodanig uitgespreek is dat die betekenis oor 'n telefoon nie duidelik was nie; (c) omdat volgens Singer (1961) net die teenwoordigheid van die proefnemer al 'n effek het wat die deurslag kan gee, wat by eersgenoemde ondersoekers nie die geval was nie; (d) omdat „mm-hmm" nie so sinvol is as wat „goed" is nie, is by Hildum en Brown te min vrae gekondisioneer om dit sinvol te maak.

Oakes en Droge (1960) wou vasstel of die Sosiale-introversieskaal van die M.M.P.I. hom tot kondisionering leen. Die skaal bestaan uit 35 items waarop die sosiaal-introverte antwoorde „waar" is en 35 waarop hierdie antwoordrigting „onwaar" is. Tagtig ander items wat uit die laaste 200 items in die M.M.P.I.-handleiding geneem is, is as bufferitems gebruik. Elke item is afsonderlik op 'n 3 X 5 duim wit kaartjie getik en is een vir een in dieselfde volgorde aan alle proefpersone aangebied. Die proefpersoon moes sê of die betrokke item in sy geval waar of onwaar was. Die doel van die eksperiment is verbloem deur aan proefpersone te stel dat

dit deel van navorsing met die oog op 'n nuwe persoonlikheidsvraelys was en dat daar ook geen regte of verkeerde antwoorde was nie.

Dertig studente is as proefpersone geneem en is in twee groepe van 15 elk ingedeel. Vir een groep is die laaste 50 items van die skaal met „goed" versterk as hulle antwoorde in die sosiaal-introverte rigting gegee het. Vir die tweede groep is die laaste 50 items ook met „goed" versterk wanneer die antwoord in die teenoorgestelde rigting was. Die eerste 20 items is as basislyn geneem.

Uit navraag het geblyk dat nie een van die proefpersone bewus was van die versterker nie. 'n Kovariansie-ontleding is uitgevoer en 'n verskil wat by die .01-grens beduidend is, is verkry. Dit dui dus aan dat die skaal hom wel tot kondisionering leen.

Wimsatt en Vestre (1963) het ook gepoog om die Sosiale-introversieskaal van M.M.P.I. te kondisioneer. Die proefpersone was 74 manlike pasiënte wat nie ouer as 55 jaar was nie, wat kon lees, wat nie defekte in die sentrale senuweestelsel gehad het nie, ten minste van gemiddelde intelligensie was en nie meer as 600 milligram chloorpromasien of 'n ekwivalente drogery as

behandeling gekry het nie. Die gemiddelde ouderdom was 36 jaar en die gemiddelde tydperk van hospitalisering 5.5 maande. Agt-en-veertig van die pasiënte was skisofrene, vier het ander psigotiese defekte gehad, sewentien was neurote en vyf het aan een of ander persoonlikheidsversteurings gely.

Die sewentig sosiale-introversieitems is saam met dertig ander M.M.P.I.-items, wat as buffer-items gedien het, afsonderlik op 3 X 5-duim kaartjies getik. Die pasiënte was ewekansig in twee eksperimentele groepe en een kontrolegroep ingedeel. Hulle is twee keer getoets, twee dae uitmekaar. By die eerste onderhoud is die eerste vyf-en-dertig items van die Si-skaal en vyftien bufferitems gebruik en by tweede onderhoud die oorblywende vrae. Van elke proefpersoon is verwag om die items hardop te lees en die responsklas is met „goed" versterk. Die eerste eksperimentele groep is versterk as 'n respons in die Sosiaal-introverte rigting was, die tweede groep as 'n antwoord in die teenoorgestelde rigting was, terwyl die kontrolegroep geen kondisionering gekry het nie. Variansie-ontleding van die resultate het egter geen duidende verskille tussen die drie groepe aan die lig gebring nie.

In die bespreking van hulle resultate het Wimsatt en Vestre tot die gevolgtrekking gekom dat 'n persoonlikheidstoets nie gekondisioneer kan word nie, en dat die klein effek wat kondisionering wel mag veroorsaak, vergelyk kan word met die effek wat 'n onversigtige toetsnasiener op die resultate sal hê.

As Oakes en Droge se ondersoek met dié van Wimsatt en Vestre vergelyk word, sien ons dat daar twee verskille is, naamlik:

(a) eersgenoemde het van studente gebruik gemaak, terwyl laasgenoemde van gehospitaliseerde pasiënte gebruik gemaak het; en

(b) die toepassing van die toetsprosedure was ook verskillend.

Uit bevindinge van vorige navorsers is dié twee verskille belangrik. Dus kan nie sonder meer verklaar word dat die Si-skaal hom wel tot kondisionering leen of nie.

Nuthman (1957) het 'n ondersoek uitgevoer oor die kondisioneerbaarheid van antwoorde op 'n selfaanvaardingskaal. Twee maande voor die eintlike eksperiment is 'n vraelys oor selfaanvaarding op 420 studente afgeneem. Die 15 persent wat die laagste tellings behaal het, is as proefpersone gekies.

Die finale toets wat vir die eksperiment gebruik is, het uit 100 selfaanvaardingsitems en 40 bufferitems bestaan. Die items is op kaartjies getik en in vyf blokke verdeel. Elke blok het tien „waar" selfaanvaardingsitems, tien „onwaar" selfaanvaardingsitems en agt bufferitems bevat. Die kaartjies met die vrae is aan die proefpersoon vertoon deur 'n opening in 'n afskorting op die tafel wat die proefnemer en die proefpersoon van mekaar geskei het. Die proefpersoon moes dan skakelaars druk:- die regterhandse skakelaar vir „waar" en linkerhandse vir „onwaar" items.

Die proefpersone is in drie groepe verdeel. By die eerste eksperimentele groepe is „goed" as versterker gebruik. By die tweede eksperimentele groep is 'n selfaanvaardingsrespons onmiddellik opgevolg deur 'n liggie wat direk voor die proefpersoon aangegaan het en wat gedien het as versterker. Die kontrolegroep is nie gekondisioneer nie.

Uit die resultate het geblyk dat die groep wat „goed" as versterker gekry het, onmiddellik begin het om vermeerdering van die responsklas te gee, terwyl die lig-versterkergroep nie duidend van kontrole groep verskil het nie.

Indiwidueel geneem het nie alle proefpersone in die „goed"-groep egter gekondisioneer nie. Verder het vyf proefpersone wat „goed" as versterker ontvang het, bewus geraak van die eksperimentele manipulering, teenoor vier wat lig as versterker ontvang het. Geen duidende verskil is egter in die prestasies van bewuste en onbewuste groepe gevind nie, alhoewel die bewuste groep ꞌn hoër vlak van kondisionering gehandhaaf het.

Nuthman spekuleer dat dit blykbaar moontlik is om onbewus te leer in ꞌn persoonlikheidstoetssituasie. Na haar mening kon die rede nie gewees het dat die proefpersoon items geleer het nie, want elke item het net eenmaal voorgekom. Die „waar-" en „onwaar-"items het ook nie in ꞌn bepaalde volgorde voorgekom nie. Die groep wat „goed" as versterker gekry het, is haar's insiens gekondisioneer, omdat dit betekenisvol en bekend is.

Singer (1961) het die 30-item California-F-skaal (Fasisme) gekombineer met die 30-item Omgekeerde-F-skaal van Christie om die invloed van instemming (acquiescence) uit te skakel. Die items is in ewekansige volgorde saamgevoeg. Die California-E-skaal (Etnosentrisme) wat ideologies en histories aan die F-skaal verwant is, is gekies om veralgemening

(generalization) van kondisionering mee te meet. Agt-en-veertig damestudente uit 'n groep van 250 wat die F- en E-skale voltooi het, is as proefpersone gekies. Die proefpersone moes tussen 30 en 45 F-skaal-items in prodemokratiese rigting beantwoord het, en tussen 12 en 24 in prodemokratiese rigting op die E-skaal. Dit is gedoen om te verseker dat alle proefpersone relatief prodemokraties was.

Die eksperiment is drie maande na toepassing van die F- en E-skale gedoen. Die helfte van die dames is ewekansig in die eksperimentele groep ingedeel en die ander helfte in die kontrolegroep. Die twee groepe is elk weer in twee groepe van 12 elk onderverdeel.

Die proefnemer het al 60 items van die F-skaal hardop gelees en die proefpersone moes antwoord of hulle saamstem of nie. Vir die eksperimentele groep (24 proefpersone) is elke responsklas met „goed" en „reg" versterk. Vir die kontrolegroep (24 proefpersone) is die items net gelees.

Nadat die F-skaal voltooi is, het die proefnemer vir een helfte van elke groep (12 eksperimentele en 12 kontrole) al 30 items van die E-skaal sonder versterking gelees. Die oorblywende helfte van die proef-

persone moes die E-skaal self voltooi terwyl die onderhoudvoerder nie teenwoordig was nie.

Die resultate het getoon dat kondisionering plaasgevind het (duidend by die .01-grens) en dat leer begin plaasvind het tussen die dertigste en veertigste items van die F-skaal. Verder is ook gevind dat by die E-skaal daar 'n duidende verskil tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroep aanwesig was as die proefnemer teenwoordig was (t-duidend by .01-grens), maar dat die verskil nie-duidend was as hy nie teenwoordig was nie. Dus skyn dit moontlik te wees dat veralgemening kan plaasvind as die proefnemer teenwoordig is; met ander woorde, die kondisionering bly voortbestaan as die proefnemer teenwoordig is. Alhoewel die verskil nie-duidend was as die proefnemer nie teenwoordig was nie, is tog gevind dat daar 'n duidende verskil (t-duidend by .05-grens) is as net die eerste tien response van die E-skaal vergelyk word. Dus bly die kondisioneringseffek nog vir 'n klein rukkie voortbestaan as die proefnemer nie teenwoordig is nie, maar nie op dieselfde vlak as wanneer hy teenwoordig is nie. Fisiese teenwoordigheid van die proefnemer het dus belangrik geblyk te wees.

Die korrelasie tussen die F- en E-skaaltellings van die 48 proefpersone voor kondisionering was .23 (nie-duidend). Die veralgemening van F- na E-skaal het dus voorgekom ten spyte van die feit dat daar oorspronklik ŉ nie-duidende verband tussen die twee skale was. Na kondisionering is die twee skale weer met mekaar gekorreleer en korrelasie van .60 (duidend by .05-grens) is verkry. ŉ Konsepsieverandering moes dus plaasgevind het waarin die proefpersone geleer het dat die twee skale verwant is.

Nadat elke proefpersoon sy eksperiment voltooi het, is hy gevra na die doel van die toets en hoekom „goed" en „reg" gebruik is om te bepaal of die proefpersoon dit met die responsklas kon verbind.

Schulz, Staats en Staats (1962) het 80 seuns in die twaalfde graad as proefpersone gebruik by ŉ kondisioneringsondersoek in verband met beroepsbelangstellinge. Die proefpersoon en die proefnemer het weerskante aan ŉ tafel plaasgeneem. ŉ Afskorting is vertikaal op die tafel geplaas en het die twee geskei sodat hulle nie vir mekaar sigbaar was nie. In die middel van die afskorting was ŉ opening van 2½ X 4½ duim waardeur kaarte, waarop die vrae getik is, vertoon is. Die "Physician- en Carpenter-"skale van

Strong se „Vocational Interest Blank" vir mans is as responsklas gebruik. Die „Physician-"skaal het bestaan uit 20 items om 'n basislyn te verkry, 54 responsklasitems en 27 bufferitems. Die „Carpenter-"skaal het bestaan uit 22 items om 'n basislyn te verkry, 44 responsklasitems met 'n geweegde waarde van een, en 10 items met waarde van twee. Die proefpersone is in vier eksperimentele groepe van 20 elk ingedeel, naamlik „Physician-"positief, „Physician-"negatief, „Carpenter-"positief en „Carpenter-"negatief. Die positiewe groep is gekondisioneer wanneer items in die nasienrigting van die betrokke skaal beantwoord is en die negatiewe groep in die teenoorgestelde rigting.

Die items is deur die opening aan die proefpersoon vertoon en hy moes reageer deur te sê of hy van die item hou of nie. Vir elke responsklas is die versterkers „good", „very good", of „that's fine" gegee.

Kovariansie-ontleding is op die resultate uitgevoer. Geen duidende verskille is egter gevind nie, sodat die gevolgtrekking van hierdie ondersoekers was dat die skaal-items hulle nie tot kondisionering geleen het nie.

## VERBALE KONDISIONERING EN PERSOONLIKHEIDSKENMERKE

ŉ Belangrike vraag in verband met verbale kondisionering is of alle mense ewe kondisioneerbaar is. Empiriese gegewens dui duidelik daarop dat dit nie die geval is nie en gevolglik is die volgende vraag na die herkoms van hierdie indiwiduele verskille. Dit is twyfelagtig dat „verbale kondisioneerbaarheid" ŉ enkelvoudige persoonlikheidskenmerk is en dus moet navraag gedoen word na die persoonlikheidskorrelate van verbale kondisioneerbaarheid. Hierdie vraagstuk het in die afgelope dekade sterk op die voorgrond getree en heelwat navorsingsverslae daaroor het die lig gesien.

Een van die aspekte van persoonlikheid wat baie aandag in die literatuur geniet het, is die verband tussen angs en kondisioneerbaarheid.

Taffel (1955) het neurotiese en psigotiese pasiënte met Taylor se Manifesteangskaal getoets en volgens hulle tellings geklassifiseer. Hy het gevind dat pasiënte met hoë angstellings duidend by die .01-grens gekondisioneer het, pasiënte met middelmatige angstellings het duidend by die .05-grens, gekondisioneer, terwyl pasiënte met lae angstellings nie duidend gekondisioneer het nie.

Buss en Gerjuoy (1958) het ook die Taffel-prosedure met psigiatriese pasiënte van beide geslagte gevolg en het resultate verkry wat teenoorgesteld was aan dié van Taffel. Pasiënte met lae angstellings het hoogste gekondisioneer en pasiënte met hoë angstellings het nie gekondisioneer nie.

Campbell (1960) het ook Taffel se prosedure gevolg met „good" as versterker by pasiënte. Angstige pasiënte het hoër gekondisioneer as nie-angstige pasiënte en verder het hy gevind dat chroniese skisofrene ook hoër gekondisioneer het as paranoïde skisofrene.

Sarason en Campbell (1962) het neuropsigiatriese pasiënte met skisofrene simptome op Taffel-prosedure gekondisioneer en getoets vir angs met Sarason se „General Anxiety Scale". Die hoër angsroep het duidend meer as die lae angsroep gekondisioneer.

Sweetbaum (1963) het 'n noodspanningsituasie as kriterium van aanwesigheid van angs geneem. Hy het chirurgiese pasiënte 48 uur voordat hulle geopereer sou word, as angsgroep geneem en pasiënte wat alreeds aan herstel was as nie-angsgroep. Eersgenoemde groep het duidend hoër gekondisioneer as die nie-angstige groep.

In teenstelling tot die algemene positiewe bevindings

het Matarasso, Saslow en Pareis (1960) en Levin (1961) geen verband tussen kondisionering en angstigheid soos gemeet deur Taylor se „Manifest Anxiety Scale" gevind nie. Quarrick (1962) het proefpersone vir angstigheid getoets met Sarason se „Test Anxiety Scale", asook vir behoefte aan prestasie met die „Modified French Insight Test". Hy het twee eksperimentele groepe gebruik. Een groep het bestaan uit persone met hoë angstellings en lae tellings ten opsigte van behoefte aan prestasie. Die tweede groep het bestaan uit proefpersone met lae angstellings en hoë tellings ten opsigte van behoefte aan prestasie. Geen duidende verskil tussen die twee groepe is verkry nie.

Southwell (1962a) het gevind dat proefpersone met lae dominansietellings op die Californiese Psigologiese Inventaris (C.P.I.) duidend beter gekondisioneer het as diegene met hoë tellings. In ŉ ander ondersoek (1962b) het hy gevind dat neurote duidend minder vir aggressiewe woorde gekondisioneer het as normale proefpersone.

Johns en Quay (1962) het weer gevind dat neurotiese proefpersone duidend hoër as psigopate en ŉ kontrole groep gekondisioneer het, terwyl psigopate nie duidend gekondisioneer het nie. Taffel se prosedure is

gebruik en „I" en „we" is met „good" versterk. Die proefpersone is in 'n militêre tronk verkry.

Leventhal (1959) het 60 skisofrene, 60 nie-psigotiese psigiatriese pasiënte en 60 ambulante pasiënte van 'n algemene hospitaal as proefpersone gebruik. Hy het Taffel se prosedure gevolg en „I" en „we" positief gekondisioneer en „he" en „they" negatief. Die resultate het getoon dat normale pasiënte positief en negatief, asook in 'n situasie waar positiewe en negatiewe kondisionering saam gebruik is, gekondisioneer het. Dit wil sê hulle het in aldrie situasies gekondisioneer, waar net positiewe vergoeding gegee is, waar net negatiewe vergoeding gegee is, asook waar altwee saam gegee is. Neurote het net by positiewe versterking geleer en waar die twee gekombineer is, maar nie by negatiewe versterking alleen nie. Die skisofrene proefpersone het by gekombineerde positiewe en negatiewe versterking geleer en by negatiewe versterking alleen maar nie by positiewe vergoeding alleen nie.

Nog 'n enkelvoudige persoonlikheidstrek wat aandag geniet het, is introversie-ekstroversie. Die resultate was egter deurgaans negatief.

Blaylock (1960) het geen verband tussen kondisioneerbaarheid in die Sosiale Introversieskaal van die M.M.P.I. gevind nie. McDonnel en Inglis (1962) het introversie-ekstroversie met die „Maudsley Personality Inventory" gemeet en by 'n studentegroep geen verband met kondisioneerbaarheid in die Taffel-situasie gevind nie. By 'n pasiëntegroep het Sweetbaum (1963) geen verband tussen kondisioneerbaarheid in Guilford se R-skaal gevind nie.

Edwards se „Personal Preference Schedule" (E.P.P.S.) wat maatstawwe bied vir etlike van Murray se sosiale behoeftes, is by twee ondersoeke gebruik. Kirman (1958) het manstudente volgens die Taffel-prosedure gekondisioneer. Hy het 'n duidende positiewe verwantskap tussen kondisioneerbaarheid en die behoefte aan gesag (deference) gevind. Duidende negatiewe verwantskappe is ook gevind tussen kondisioneerbaarheid en die skale wat die behoeftes aan dominansie, weerstandsvermoë (endurance), hetroseksualiteit en aggressiwiteit meet. Die outonomieskaal het geen verband getoon nie. Levin (1961) het hierteenoor by neuropsigiatriese pasiënte en mediese pasiënte wat nie ernstig siek was nie, geen duidende verwantskappe tussen kondisioneerbaarheid in die verskillende

E.P.P.S.-skale gevind nie.

Die responsinstelling om (by die beantwoording van persoonlikheidsvraelyste) sosiaal aanvaarbare antwoorde te gee het in die jongste jare aansienlike aandag geniet in die navorsingsliteratuur (sien byvoorbeeld Crowne en Marlowe, 1960). Vanselfsprekend het die verband tussen hierdie instelling - wat ook as ŉ behoefte aan sosiale aanvaarbaarheid beskou kan word - en verbale kondisioneerbaarheid onder die soeklig gekom.

Marlowe (1962) het studente en verpleegsters as proefpersone in ŉ onderhoud waar selfaanvaardingsresponse versterk is, geneem. Hy het gevind dat proefpersone met hoë tellings op die Marlowe-Crowne-skaal duidend hoër gekondisioneer het as die laetellinggroep.

In teenstelling hiermee het Arginteanu (1962) met die Sosiale Aanvaarbaarheidskaal van Edwards geen verband met kondisioneerbaarheid gekry nie. Leipold en James (1962) en Craddick en Campittel (1964) het ook geen verband tussen die Marlowe-Crowne-skaal én kondisioneerbaarheid gekry nie.

Die invloed van intelligensiepeil is ook nagegaan.

Kirman (1958) het geen verband tussen intelligensie-peil en kondisioneerbaarheid gevind nie. Strickland (1963) het studente laat kies tussen woorde en elke werkwoord is versterk. Sy het geen verband tussen kondisionering en intelligensie gekry nie, maar wel tussen kondisionering en bewustheid.

Uit die voorafgaande literatuuroorsig is dit dus duidelik dat Taffel se prosedure by voorkeur gebruik is by ondersoeke in verband met die verband tussen kondisioneerbaarheid en persoonlikheidskenmerke.

Viljoen (1966) het 'n poging aangewend om hierdie verbande by verbale kondisionering in 'n ongestruktureerde onderhoudsituasie te ondersoek. Hierdie oogmerk moes egter binne die opset van sy eksperiment agterweë bly vanweë die komplekse interaksie wat tussen die persoonlikheidstrukture van die proefnemers en die proefpersone aangetoon is. Die verband tussen verbale kondisioneerbaarheid in die gestruktureerde onderhoudsituasie en persoonlikheidskenmerke is nog nie tevore ondersoek nie.

# H O O F S T U K II

## PROSEDURE EN MEETINSTRUMENTE

### PROBLEEMSTELLING

Die eerste oogmerk van die huidige ondersoek was om na te gaan of verbale kondisionering wel toegepas kan word in die hoogs gestruktureerde onderhoudsituasie wanneer ŉ vraelys mondeling toegepas word en hoe lank dit bly voortbestaan. Uit die literatuuroorsig in Hoofstuk I het geblyk dat die bevindinge van ander ondersoekers in hierdie verband teenstrydig was.

ŉ Tweede vraag waarop ŉ antwoord by hierdie ondersoek gesoek is, was of daar interaksie sou wees tussen kondisioneerbaarheid in onderhoudvoerderskenmerke. McGuigan (1963) het daarop gewys dat resultate byvoorbeeld beïnvloed kan word deurdat die proefnemer angstig mag wees, sag of hard praat, ens. Binder, McConnel en Sjoholm (1957) het aangetoon dat verskillende resultate verkry is deur ŉ klein, aantreklike, nie-dreigende vroulike proefnemer en ŉ ouer groot „skeepskapteinagtige" manlike proefnemer. Salzinger en Pisoni (1958), Matarasso, Saslow en Pareis (1960), Ferguson en Buss (1960), Blaufarb (1961) en Southwell (1962a) het egter almal in hierdie verband negatiewe

bevindinge gerapporteer.

Die verband tussen verbale kondisioneerbaarheid en verskillende responsinstellings wat in hierdie verband met die afneem van persoonlikheidsmaatstawwe na vore gekom het, is ook ondersoek. Bepaald is metings uitgevoer ten opsigte van 'n verdedigende instelling (Hanley, 1957) 'n instemmings-instelling (Bass, 1956) en sosiale aanvaarbaarheid (Crowne en Marlowe 1960).

Verder is die verwantskappe tussen verbale kondisioneerbaarheid en 'n aantal persoonlikheidskenmerke ondersoek. Drie faktoriaal-suiwer vraelysskale is gebruik, naamlik die Pittsburgh-emosionaliteitskaal (Bendig, 1962) en die Persoonlike en Waarde-orientasieskale van die Californiese psigologiese inventaris (C.P.I., Nichols en Schnell, 1963).
Die Verborge figure-toets (French, Ekstrom, Ruth en Price, 1963) wat 'n faktoriaal betreklik suiwer maatstaf van die persepsuele faktor van „Flexibility of closure" is, is ook gebruik.

As laaste oogmerk is gestel om na te gaan of daar enige verband sou bestaan tussen bewustheid teenoor nie-bewustheid, omtrent die eksperimentele beïnvloeding in persoonlikheidskenmerke, soos weerspieël

in die bogenoemde metings.

## BASIS VAN ONDERHOUDVOERING.

Van der Veen (1964) praat van die tipe onderhoudvoering wat in hierdie ondersoek gebruik is as „enquêteren": „Mondeling door enquêteur gestelde vragen aan de hand van een gestruktureerde vragen lijst".

ŉ Uittreksel uit Kuder se Belangstellingsvraelys (Vorm CH) is gebruik as basis vir die voer van gestruktureerde onderhoude. Die volgende ses skale is in ŉ voorlopige eksperiment toegepas: letterkundig, sosiaal, buitemuurs (outdoor), wetenskaplik, meganies en oorredend (Persuasive). Hierdie ses skale bevat 128 items.

Die skale is in dieselfde volgorde en kombinasies as in die oorspronklike vraelys gebruik. Die vrae is in Afrikaans vertaal. Uit voorlopige onderhoude met vriende is gevind dat die vrae te lank geformuleer is. Hulle kon nie altyd die eerste alternatief onthou teen die tyd dat die laaste gelees is nie. Ten einde een alternatief dan nie meer as ŉ ander te beklemtoon nie, moes

aldrie dan weer gelees word. Daar is geredeneer dat dit ŉ tydsverlies en nadelige gevolge ten opsigte van motivering sou veroorsaak. Gevolglik is die items verkort sonder om aan die strekking afbreek te doen. Die volgende items is byvoorbeeld soos volg verkort:-

Oorspronklike bewoording:-

(a) Wanneer ek reis skenk ek spesiale aandag aan die mense.

(b) Wanneer ek reis skenk ek spesiale aandag aan die natuurskoon.

(c) Wanneer ek reis skenk ek spesiale aandag aan die landerye.

Hersiene bewoording:-

Wanneer ek reis skenk ek spesiaal aandag aan:-

(a) die mense;

(b) die natuurskoon;

(c) die landerye.

ŉ Kopie van die vraelys, in die vorm wat deur die proefnemers as leidraad gebruik is, verskyn in Bylae A. Dit het 35-40 minute geneem om dit te voltooi. As gevolg van probleme wat uit die voorlopige eksperiment geblyk het, is in die finale

eksperiment net drie skale gebruik, naamlik die sosiale, die oorredende en die buitemuurse. Die tydsduur vir toepassing is sodoende aansienlik verkort ten einde verveling en verlies van belangstelling te verminder en ten einde samewerking te verhoog.

By die samestelling van die finale vraelys is ook weggedoen met die struktuur van die oorspronklike vraelys. Die drie skale se items is gekombineer in drie items per vraag. Die volgorde van die items is ook in elke vraag afgewissel om volgorde-effekte uit te skakel.

Die vraelys in die vorm wat by die finale eksperiment gebruik is, verskyn in Bylae B. Dit het 41 items bevat en het tussen 8 en 14 minute geneem om toe te pas.

Die Kudervraelys meet nie spesifieke beroepsbelangstelling nie, maar relatiewe belangstelling in sekere hoofgebiede van belangstelling. Hierdie kenmerk sou vermoedelik die Kudervraelys meer geskik maak vir 'n eksperiment oor verbale kondisionering as 'n vraelys wat spesifieke beroepsbelangstellings meet soos die Strongvraelys.

Die itemformaat van die Kudervraelys is die gedwonge-keuse-tipe. Elke item bestaan uit drie dele wat op verskillende aktiwiteite betrekking het. Die proefpersoon moet dan 'n keuse maak en telkens aandui van watter aktiwiteit hy die meeste hou en van watter die minste. Ook hierdie kenmerk van die Kudervraelys het dit geskik gemaak vir die huidige ondersoek, omdat die tipe item die responsklas meer onopsigtelik gemaak het.

Die betroubaarheid van die Kuderskale, in terme van beide interne konstantheid (Kuder - Richardson-formule) en toets, her-toets met 'n tussenpose van een jaar, is hoogs bevredigend. Ook hierdie oorweging het bygedra tot die keuse van die Kudervraelys as instrument.

In die kondisioneringsprosedure is antwoorde op die sosiale skaal positief versterk met „Mmm-hmm". Telkens wanneer 'n proefpersoon aangedui het dat hy die meeste van die sosiale aktiwiteit gehou het, is die respons versterk. Bepaald is die gee van sosiale reaksies as responsklas gekies omdat vermoed is dat Sielkundestudente (wat as proefpersone beskikbaar was) oor die algemeen meer sosiaal georiën-

teer sou wees. Gevolglik sou hulle vermoedelik ŉ toereikende aantal response gee, sodat genoeg geleenthede vir versterking sou voorkom om die moontlikheid te laat dat verbale kondisionering kon plaasvind.

## ANDER MEETINSTRUMENTE

## MAATSTAWWE VAN RESPONSINSTELLINGS

(a) Verdedigende instelling:

Hierdie instelling is gemeet met behulp van ŉ vraelysskaal wat deur Hanley (1957) opgestel is. Dit meet wat hy „plusgetting" genoem het, dit wil sê, ŉ defensiewe instelling om swakhede te ontken. ŉ Persoon wat ŉ hoë telling op hierdie skaal behaal, skyn daarop uit te wees om „goeie" tellings te behaal wanneer hy ŉ persoonlikheidsvraelys beantwoord, dit wil sê om persoonlikheidsafwykings wat aanwesig mag wees, te probeer bedek. ŉ Persoon wat ŉ lae telling behaal, erken die aanwesigheid van persoonlike tekortkominge, wat met ŉ soort ekshibisionisme waarby ŉ persoon sy probleme wil ten toon stel en sy swakhede wil bely. Beide rigtings van beantwoording mag die gevolg van be-

wuste of onbewuste motiewe wees. Dit kom voor of hierdie instelling breër betekenis het as net 700 response op persoonlikheidsvraelyste. Dit skyn 'n houding ten opsigte van eie tekortkomings te weerspieël wat waarskynlik ook ander fasette van funksionering sal beïnvloed. Vandaar dat die maatstaf by hierdie ondersoek ingesluit is. Die skaal vir die huidige ondersoek is in Afrikaans vertaal. Die items kom voor in die vraelys in Bylae C en die lys van betrokke items in Bylae D.

In die opstelling van die skaal het Hanley gepoog om 'n verdedigingskaal op te stel wat vry van psigopatologiese strekking sou wees, deur van die sosiale gewenstheid van die item gebruik te maak. Hy het 53 items van die M.M.P.I. gekies en aan verskeie beoordelaars voorgelê. Van hulle is verwag om die sosiale gewenstheid van elke item volgens 'n negepuntskaal vir sosiale gewenstheid te bepaal. Die beoordelaars was 39 manlike en 53 vroulike studente. Die sosiale gewenstheid van 'n item is bepaal deur die mediaan van die item op die graderingskaal te bereken. Uit hierdie beoordeling het hy 'n vraelys saamgestel wat uit 26 items bestaan het. Twaalf van die

items kom voor in die K-skaal van die M.M.P.I., maar oorvleuel nie so baie met items van ander skale van die M.M.P.I. soos die K-skaal nie. Gevolglik word veronderstel dat die items minder gebonde is aan psigopatologiese response as die K-skaal. Die korrelasie van die skaal met die K-skaal van die M.M.P.I. is .64. Die redelike hoë korrelasie het hulle toegeskryf aan sosiale aanvaarbaarheid in instemmings- (aquiescence) faktore.

Die interne konstantheid van die skaal soos gemeet met die K.R.20, is .48.

Slegs indirekte aanduidings van geldigheid is vir die skaal gekry. Aangesien die K-skaal onderworpe was aan baie studies in hierdie verband en daar redelike sekerheid bestaan oor sy geldigheid, is daar besluit om die eksperimentele skaal en die K-skaal met ander bekende diagnostiese skale te vergelyk. Die korrelasies met die L-skaal, K-skaal, Edwards se SD.-skaal, was hoog. Die eksperimentele skaal en die K-skaal het ook selfde resultate gelewer in korrelasie met ander diagnostiese skale van die M.M.P.I.

'n Tekortkoming by huidige ondersoek is dat daar nie gegewens beskikbaar was om normale en afwyken-

de groep met mekaar te vergelyk nie. Hulle spekuleer egter dat hoe kleiner die itemoorvleueling is tussen ŉ diagnostiese en geldigheidskaal, hoe kleiner is die moontlikheid dat die geldigheidskaal self ŉ diagnostiese skaal is.

(b) Instemmingsinstelling:

Hierdie responsinstelling (Engels: acquiescence response set) bestaan daaruit dat die toetsling geneig is om enige veralgemening omtrent menslike gedraginge te aanvaar en met die veronderstelde waarheid daarvan in te stem. By die beantwoording van persoonlikheidsvraelyste kom dit uit in ŉ neiging om „waar"-antwoorde te gee. In hierdie ondersoek is hierdie instelling met die „gesegdes"-toets van Bass (1956) gemeet.

By die opstelling van die skaal het Bass ŉ voorlopige vraelys bestaande uit 300 bekende gesegdes aan 200 studente gegee. Hulle moes aantoon of hulle met ŉ gesegde saamstem, verwerp of nie kan besluit nie.

Itemontleding is op die antwoorde gedoen. Die proefpersone is volgens die kreteria verkry, georden van hoog na laag. Die boonste 25% van die proef-

persoon se antwoorde is toe met die van die onderste 25% vergelyk, vir elk van die 300 items. Slegs items wat minstens 40% meer deur die boonste in vergelyking met die onderste kriteriumgroep verkies is, is vir die skaal geneem. Die skaal bestaan uit 56 items.

ŉ Afrikaanse vertaling deur Dr. D.J.W. Strümpfer is in hierdie ondersoek gebruik. Dit kom voor in Bylae E.

Die nuwe skaal is op 100 ander studente toegepas en ŉ tweehelfte-betroubaarheid van .92 is verkry, terwyl ŉ betroubaarheid van .81 verkry is by ŉ meer homogene groep eerstejaarstudente met die KR.21.

Ook in die geval van hierdie responsinstelling kom dit voor asof dit meer omvattende persoonlikheidsimplikasies het. Waarskynlik toon iemand wat hierdie neiging sterk openbaar ook in die algemeen ŉ groter as gemiddelde gewilligheid om indrukke van buite sonder voorbehoud te aanvaar en daaraan toe te gee. Die oogmerk was dus om te bepaal of hierdie breër kompleks van kenmerke verband sou hou met kondisioneerbaarheid.

Bass beskryf persone wat op sy skaal hoë tellings behaal, as na buite georiënteer, onsensitief, onintelligent en sosiaal onkrities. ŉ Negatiewe korrelasie is verkry tussen tellings op die skaal en opvoedingspeil; studente het byvoorbeeld laer tellings as skoliere behaal.

(c) Sosiale wenslikheidsinstelling:

Hierdie responsinstelling (Engels: social desirability) bestaan daaruit dat die toetsling hom in ŉ gunstige lig wil stel. Hy beoordeel items en antwoord op hulle, nie op grond van wat werklik die geval is ten opsigte van sy psigiese kenmerke nie, maar op grond van sosiale wenslikheid van die funksionering waaroor die item handel. Sy selfbeskrywings is dus in terme van sosiaal aanvaarbare optrede. Dit kom na vore in die gee van antwoorde wat op goeie aanpassing, na-buite-lewendheid en psigiese welsyn dui. Die persoon wat ŉ sterk neiging in hierdie rigting toon, probeer hom verdedig teen ŉ geïmpliseerde bedreiging van kritiek of dat hy as „wanaangepas" bevind sal word (Goldman, 1961).

Die skaal van Crowne en Marlowe (1960) is in

hierdie ondersoek gebruik. Hierdie outeurs het hulle ten doel gestel om 'n skaal op te stel met items wat 'n minimale patologiese of abnormale strekking sou hê, afgesien daarvan of 'n antwoord in die sosiaal wenslike of onwenslike rigting gegee word.

Die Afrikaanse vertaling wat by hierdie ondersoek gebruik is, is deur Dr. D.J.W. Strümpfer gemaak. Dit kom in Bylae C voor en die lys van betrokke items in Bylae D.

By die opstelling is 50 items wat aan die kriteria voldoen aan tien beoordelaars voorgelê met die instruksies om die items te beoordeel aan die hand van sosiale aanvaarbaarheid uit die oogpunt van studente, deur gebruik te maak van waar- en onwaar-kategorieë. Na die beoordeling het 47 items behoue gebly. Om vrae met patologiese strekking uit te skakel, is die vrae tesame met dié van die Edwards Social Desirability Scale aan tien ander beoordelaars voorgelê met instruksies om die vrae te gradeer volgens vyfpuntskaal naamlik:- (1): goed aangepas (well-adjusted), tot (5): uiters wanaangepas. Die mediaan van die beoordelings was 2.8 vir die skaal, terwyl die mediaan

(vir Edwards se skaal) 3.9 was wat aantoon dat die strekking wanaangepas is. Die verskil tussen die twee mediane deur middel van t-toets is 15.27 wat duidend is by die .0001 grens. Die skaal is ook aan 76 studente gegee om af te lê en 'n itemontleding is gedoen. 33 items wat by die .05 grens tussen toetslinge met hoë en lae tellings gediskrimineer het, is gekies vir die finale skaal.

Die interne konstantheid van die finale skaal was .88 met die Kuder-Richardson-formule 20 (KR.20) vir 39 proefpersone. 31 van die proefpersone het die skaal 'n maand later weer afgelê en 'n toets-hertoets-betroubaarheid van .89 is verkry.

Crowne en Marlowe (1964) is op grond van 'n verskeidenheid van ondersoeke van mening dat hulle skaal 'n maatstaf is van wat hulle die „approval motive" noem en dat dit 'n aanduiding gee van die mate van „evaluative defedence" wat by die proefpersoon aanwesig is. Dit gee dus ook 'n aanduiding van meer as net 'n instelling by die beantwoording van persoonlikheidsvraelyste. Crowne en Strickland (1961) het dan ook inderdaad 'n duidende verwantskap tussen verbale kondisioneerbaarheid en behoefte aan sosiale goedkeuring bevind. Crowne en Strickland (1961) het man- en damestudente volgens Taffel se prosedure gekondisioneer. Meervoudige naamwoorde is positief met

„Mmm-hmm" en kopknik gekondisioneer, terwyl ander eksperimentele groepe negatief met „Uh-uh" en kopskud gekondisioneer is. Die kontrolegroep is nie gekondisioneer nie.

Op een helfte van die proefpersone is die Marlowe-Crowne-skaal eers afgeneem en daarna die kondisioneringstaak opgelê terwyl die prosedure by die ander helfte omgekeerd was.

Die skaal is eers nadat die taak afgelê is, nagesien, om sodoende onbewuste invloede van die eksperimenteerder uit te skakel.

Resultate het getoon dat proefpersone met ŉ hoë behoefte aan sosiale aanvaarbaarheid soos gemeet met die Marlowe-Crowne-skaal, ŉ vermeerdering van meervoudinge naamwoorde onder positiewe versterking getoon het, terwyl hulle onder negatiewe versterking net in die vierde fase duidend van hulle kontrolegroep verskil het. Verder is ook gevind dat die hoë en lae behoefte aan sosiale aanvaarbaarheidsgroepe net in die eerste fase nie duidend verskil het nie, terwyl die kleinste verskil, naamlik dié in die vierde fase, duidend by die .05-grens was.

(d) <u>Maatstawwe van Persoonlikheidskenmerke.</u>

<u>Pittsburgh-emosionaliteitskaal</u>:-

Hierdie skaal is deur Bendig (1962) opgestel. Dit is ŉ maatstaf van emosionaliteit of neurotiese angs en hoë tellings dui dus op wanaanpassing. Persone wat hoë tellings behaal, is geneig om buierig, emosioneel, gespanne, sensitief, bekommerd en introspektief te wees en om nutteloos en vereensaam te voel. Volgens Deppe (1964) word hulle gekenmerk deur gebrekkige selfaanvaarding.

ŉ Afrikaanse vertaling is vir hierdie ondersoek en vir die van Van der Westhuizen (1965) gemaak. Die skaal kom in Bylae C voor en ŉ lys van betrokke items in Bylae D.

In die samestelling van die skaal het Bendig gebruik gemaak van 273 items wat hy verkry het uit die skale vir ekstroversie (Extroversion) en neurose (neuroticism) van die Maudsley Personality Inventory (M.P.I.), items van die Guidford Zimmerman Temperament Survey, items van ~~die~~ Taylor'se Manifest Anxiety Scale (M.A.S.) en sommige items van die Sosiale Introversieskaal van die M.M.P.I. Verder is ook 115 bufferitems ingesluit wat verkry

is uit verskeie ander skale. Al die skale se items ~~was~~ is toevallig saamgestel in 'n vraelys. Die skaal is op 904 studente afgeneem wat later volgens bepaalde orde in drie groepe ingedeel was naamlik:- A, B en C met 300, 300 en 200 proefpersone in elke groep onderskeidelik.

Deur middel van faktoranalise op groep A met die 118 items van die M.P.I., M.A.S., en M.M.P.I. en Si-skale is 50 items geselekteer.

Die 50 items is verder met die 40-GZTS items vir groep B gekombineer. Dieselfde analise is herhaal en 30 Sosiale Ekstroversie-Introversie-items (SEI) en 30 (Em) Emosionaliteitsitems is hier geselekteer.

Die antwoorde van groep C ~~was~~ is vir die twee skale nagesien en die antwoorde ~~was~~ is geïnterkorreleer met dié van die totale groep (N=200) vir beide geslagte en vir die mans en dames afsonderlik.

Die betroubaarheid vir die groep met die Kuder-Richardson Formule 20 gemeet was .88. Geen beduidende verskil is verkry tussen mans en dames nie. Deppe (1964) het 'n betroubaarheid van .87 met KR 21 gekry.

CALIFORNIESE PSIGOLOGIESE INVENTARIS.

Die Californiese Psigologiese Inventaris (C.P.I.; Gough, (1957) bestaan uit 18 skale, waarvan 17 deur middel van itemontleding in terme van sosiaal betekenisvolle kriteria soos beoordelings ten opsigte van dominansie, sosiale status, selfaanvaarding, manlikheid, vroulikheid, intelligensie, ens. daargestel is. Teneinde die aantal veranderlikes te beperk en ten einde faktoriaal-suiwer persoonlikheidsveranderlikes te verkry, is hierdie betreklike groot aantal maatstawwe egter nie by hierdie ondersoek gebruik nie.

Nichols en Schnell (1963) het 'n faktoranalise uitgevoer op die korrelasiematryse van die agtien skale, soos deur Gough (1957) gerapporteer. Afsonderlike analises is vir die manlike (n=4, 098) en vroulike (n=3572) gevalle gedoen. Die faktor wat vir die twee groepe verkry is, was baie eenders. Drie faktore is gevind. Die eerste twee het hoë ladings ten opsigte van verskeie C.P.I.-skale getoon, maar die derde slegs op die buigsaamheidskaal (Flexibility). Faktoriale skale is slegs vir die eerste twee faktore opgestel.

Faktortellings is by 'n groep van 30 voorgraadse

studente bereken deur die standaardtellings van die skale wat elke faktor verteenwoordig het, bymekaar te tel. Hierdie tellings is gebruik om die steekproef in groepe te verdeel vir die doeleindes van itemontleding. Items wat ŉ verwantskap by die .01-grens met een faktor getoon het maar ŉ verwantskap met die ander faktor wat nie die .05-grens gehaal het nie, is in die faktoriale skale ingesluit.

Die twee skale het .25 met mekaar gekorreleer (n= 250 manstudente). Verdere kenmerke van die faktoriale skale is by etlike kruisvalideringsgroepe in verband met wie verdere vraelys- en ander inligting ook beskikbaar was, bestudeer.

Die eerste faktor is „Waarde-oriëntasie" (Value Orientation, V) genoem. Dit word deur 113 items gemeet. Die skale wat hoë ladings op hierdie faktor getoon het, meet volgens Gough (1957) verantwoordelikheidsin, selfbeheer, rypheid, ŉ neiging om klagtes te onderbeklemtoon en ŉ besorgdheid oor die reaksies van andere. Nichols en Schnell meen dat die items van die faktoriale skaal in die volgende inhoudskategorie ingedeel kan word:

"Emotional stability and control, denail of impulsivity, even temperament and absence of anger and hostility, absence of anxiety and tension, physical health and wellbeing, dependability and sense of duty, happy homelife, respect for others, and respect for rules and social customs." (1963, P.231)

Die skaal het korrelasies met ŉ verskeidenheid ander skale en beoordelings getoon wat op psigiese stabiliteit, beheersing en goeie interpersoonlike verhoudinge gedui het. Opsommend was die outeurs van mening dat hierdie skaal ŉ maatstaf van algemene psigiese rypheid is wat in ŉ belangstelling in waardes en konformiteit ten opsigte van konvensionele gedragstandaarde weerspieël word.

Die tweede faktor is persoonsoriëntasie (Person Orientation,P) genoem. Dit word deur 51 items gemeet. Die skale wat hoë ladings daarop getoon het, meet volgens Gough (1957) sosialiteit en gunstige wisselwerking met andere. Die outeurs het die items in die volgende inhoudskategorieë geklassifiseer:-

"Conforableness with others, joy in interpersonal

interaction, dominance and leadership, absence of fear and embarrassment, and quickness of response." (Nichols & Schnell, 1963, P.232).

Die korrelasies met ander skale en beoordelings het op aktiwiteit en na-buite-lewendheid gedui. Die outeurs was van mening dat hierdie skaal die bekende ekstroversie-introversie-dimensie meet, soos dit primêr in interpersoonlike wisselwerking weerspieël word.

KR-21-betroubaarhede van onderskeidelik .88 en .81 vir die twee skale is by 'n groep van 250 manstudente gevind.

In die huidige ondersoek is die Afrikaanse vertaling van die C.P.I. deur Strümpfer, Strümpfer en Meyer (1964) gebruik. Die C.P.I. is as geheel toegepas, maar slegs die waarde- en persoonsoriëntasieskale is nagesien.

~~(b)~~ Verborge figuretoets:

Hierdie toets is opgestel deur Educational Testing Service (French, Estrom and Price, 1963) en is 'n aanpassing van die Gottschaldt-figuretoets. Dit is 'n maatstaf van buigsaamheid ten opsigte van

Gestaltkwaliteit (Engels: Flexibility of closure).

ŉ Waarnemingseenheid wat die kenmerk toon dat dit geneig is om as ŉ geslote geheel waargeneem te word, toon gestaltkwaliteit. Dit is ook moontlik om ŉ bepaalde patroon wat tussen bykomstige, afleidende prikkelmateriaal verberg is, vanweë die gestaltkwaliteit van daardie patroon te herken. Die vermoë om een of meer definitiewe gestalte in gedagte te hou, sodat hulle geïdentifiseer kan word te middel van perseptuele afleiding, word beskryf as buigsaamheid ten opsigte van gestaltkwaliteit. „Tests of this factor require the subject to search in a perceptual field containing irrelevant of distracting material in order to find one or more given configurations." (French et al, 1963, P.9). Dit is ŉ kognitiewe faktor wat in etlike faktoranalises geïdentifiseer is.

In die verborge figuretoets moet die toetsling telkens besluit watter een van vyf geometriese figure in ŉ komplekse figuur ingebed lê. Die aanwysings van die toets is vir hierdie ondersoek in Afrikaans vertaal; die items is deur middel van fotowasvelle gedupliseer. Die aanwysingsblad

met oefenvoorbeelde kom in Bylae F voor. Die moeilikheidspeil van die toets is hoog. Volgens die handleiding is dit geskik vir gebruik by persone wat van ses tot sestien jaar formele onderwys het. Dit het vanweë die aard van die items ook ŉ mate van variansie op die faktor van ruimtelike oriëntasie (S).

Daar is aanduidinge dat toetse van hierdie aard ook persoonlikheidseienskappe moet meet wat aansienlik meer kompleks is as blote vaardigheid ten opsigte van waarneming. Buigsaamheid ten opsigte van gestaltkwaliteit hou onder andere verband met veldgebondenheid (field dependence). Witkin et. al. (Krasner, 1958) het hierdie kenmerk gemeet deur persone op ŉ hellende stoel in ŉ hellende kamer te laat sit en hulle dan hul liggame te laat gebruik as enigste basis vir bepaling van die werklike vertikaal. Veldgebondenheid het, op sy beurt, weer verwantskappe met ŉ verskeidenheid persoonlikheidskenmerke getoon. Veldgebonde persone is volgens hierdie ondersoekers geneig om passief in die omgang met hulle omgewing te wees, om onbekend met en bang vir hulle eie impulse te wees, om swak beheer oor hulle impulse te hê, om ŉ gebrek

aan selfvertroue te hê, asook 'n relatief primitiewe en ongedifferensieerde liggaamsbeeld. Nie-veldgebonde persone het in die teenoorgestelde rigting geneig.

Thurstone en Jeffrey (S.J.) het gevind dat 'n soortgelyke toets wat hulle gebruik het, gedifferensieer het tussen 'n groep administratiewe amptenare wat hoër salarisse ontvang het en 'n groep wat laer salarisse ontvang het. Hy het ook 'n hoogsduidende verwantskap aangetoon tussen prestasies op sy toets en beoordelinge van 'n groep persone wat besig was om opleiding in openbare administrasie te ontvang. Thurstone en Jeffrey haal ook 'n ondersoek aan waarby gevind is dat persone wat hoë tellings op die Thurstonetoets behaal het, op grond van vraelystellings beskryf kan word as sosiaal teruggetrokke, nie afhanklik van sosiale konvensies nie, as persone wat teoretiese belangstellings het en wat gemotiveer was om te presteer. Persone met lae tellings het geneig om teenoorgestelde kenmerke te toon.

Bejaarde persone presteer swakker as jongmense in toetse van hierdie aard, waarskynlik weerspieël dit die meerdere onbuigsaamheid en waarnemingsvoorstel-

ling, begripvorming en oordeel wat kenmerke is van bejaardes.

## PROEFPERSONE.

Die proefpersone in beide die voorlopige en finale eksperimente was eerstejaarstudente in Sielkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. In eersgenoemde geval is 53 dames gebruik, terwyl 56 mans by die finale eksperiment betrek is.

Daar was altesaam 80 mans in die klas. Slegs 62 van hulle het hul aangemeld vir deelname aan die eksperiment. Vier van hulle het siek geword tussen die eerste en tweede onderhoud en is uitgeskakel, omdat die periodes tussen die onderhoude in hulle geval nie eenvormig sou gewees het nie. Die rekenkundige gemiddelde van die oorblywende 56 mans se ouderdomme was 19.70 jaar. Synde Universiteitstudente, was hulle almal bogemiddeld ten opsigte van intellektuele peil. Almal was Afrikaanssprekend.

In ŉ klasbyeenkoms is aan die studente kortliks verduidelik dat navorsing oor belangstellingsmeting aan die gang is, dat proefpersone benodig

is, en hulle is aangemoedig om heelhartig saam te werk. Hulle name, tesame met tydroosters en instruksies waar hulle vir die onderhoude moes aanmeld, is op die kennisgewingbord geplaas. Die studente moes invul op watter tye hulle beskikbaar sou wees.

Twee proefnemers het onderhoude gevoer. Die studente is, met die oog op verdeling alfabeties gerangskik en genommer, persone met ewe nommers is na een proefnemer en die met onewe nommers na die ander.

Soos die proefpersone hulle vir die onderhoude aangemeld het, is hulle in twee groepe verdeel, naamlik die eksperimentele groep en die kontrolegroep. Die eerste proefpersoon wat vir ŉ onderhoud aangemeld het, is in die eksperimentele groep ingedeel, tweede in kontrolegroep, ens. Die prosedure is enduit volgehou, sodat daar eweveel proefpersone in elke groep was.

Die kontrolegroep is ingevoeg omdat die werklike toets-hertoets-betroubaarheid gekontroleer moes word. Indien daar duidende verskille tussen die verskillende fases by die eksperimentele groep sou

voorkom, moes dit toegeskryf kon word aan die kondisioneringseffek en nie aan faktore inherent aan die vraelys nie.

## EKSPERIMENTELE PROSEDURE.

ŉ Voorlopige en ŉ finale eksperiment is uitgevoer. Die doel van die voorlopige eksperiment was om die onderhoudvoerders vertroud te maak met die kondisioneringsprosedure, veral die responsklas en die versterkingsprosedure, en om te bepaal of die eksperimentele prosedure uitvoerbaar sou wees. Soos reeds genoem, is etlike wysigings daarna aangebring in die vraelys wat as basis van onderhoudvoering gebruik is.

As ŉ proefpersoon hom of haar vir ŉ onderhoud aangemeld het, het die proefpersoon en die onderhoudvoerder weerskante van ŉ tafel plaasgeneem. Die naam, ouderdom en kursus is verkry en die proefpersoon is in die eksperimentele of kontrolegroep ingedeel.

Daarna is die volgende instruksies voorgelees:

„Ek het hier ŉ belangstellingsvraelys wat ek aan u wil voorlees. Dit is eintlik nie ŉ toets nie, en daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie."

„Ek sal die vrae in groepe van drie elk aan u voorlees. Al wat u moet doen is om vir my te sê van watter aktiwiteit u die meeste hou en van watter een die minste."

„Sommige van die aktiwiteite sal opleiding en ervaring vereis. In sulke gevalle moet u maar veronderstel dat u die nodige opleiding en ervaring het. In ander gevalle sal dit miskien moeilik wees om 'n keuse te maak. Doen egter u bes en beantwoord wel die vrae. Moet egter nie te veel tyd aan een groep vrae bestee nie. Gee u eerste indrukke weer."

„Hierdie gegewens word ook net vir navorsingsdoeleindes gebruik en die antwoorde sal met die grootste mate van vertroulikheid behandel word." As die proefpersoon alles verstaan het wat van hom of haar verwag is, is die vrae voorgelees.

By die eerste onderhoud is vir die eksperimentele en kontrolegroep dieselfde prosedure gevolg. Die doel van die eerste onderhoud was om 'n basislyn vir operante kondisionering van die proefpersoon te verkry.

Na voltooiing van die vraelys is 'n afspraak vir

presies een week later vir die tweede onderhoud gemaak.

By die tweede onderhoud was die prosedure vir die kontrolegroep identies met die by die eerste onderhoud, behalwe dat die proefpersoon na afloop van die onderhoud ŉ paar vrae moes beantwoord wat ingesluit is om die graad van bewustheid van die eksperimentele manipulering te bepaal. (Sien Bylae G vir kopie van vraelys).

By die eksperimentele groep is die eksperimentele veranderlike ingebring deurdat elke positiewe respons wat die proefpersoon op die sosiale skaal gegee het, positief versterk is met „Mmm-hmm". Dit is ŉ positiewe respons wanneer die proefpersoon gesê het dat hy of sy die meeste van die sosiale aktiwiteit van die sosiale skaal gehou het. Die sintuig wat hoofsaaklik hier gestimuleer is, is die gehoor. Die visuele kon ook gestimuleer gestimuleer gewees het, maar nie-verbale versterking is sover moontlik geïnhibeer. Indien daar onbewus van dié tipe beïnvloeding gebruik gemaak is, sou die effek waarskynlik ook by kontrolegroep ingesluit gewees het en sou die twee invloede mekaar dus teoreties uitgeskakel het.

Na voltooiing van die vraelys moes die proefpersoon ook vrae skriftelik beantwoord op ŉ addisionele vraelys om die graad van bewustheid te bepaal. Verder is ŉ afspraak vir die derde en finale onderhoud presies ŉ week later gereël.

Die prosedure by die derde onderhoud was weer identies aan dié soos beskryf in verband met die eerste onderhoud. Die eksperimentele en kontrolegroepe is eenders gehanteer.

In die tweede onderhoud is by die eksperimentele groep dus die kondisioneringseffek bepaal en by die derde onderhoud is nagegaan hoe lank die kondisionering bly voort bestaan het.

In die voorlopige eksperiment het die proefpersoon geantwoord deur die letter (a, b of c) van die alternatiewe waarvan hulle die meeste en die minste gehou het, te neem. Dit het tot gevolg gehad dat antwoorde dikwels so vinnig na mekaar gegee is dat die proefnemer nie die korrekte versterking kon gee nie. Hierdie anomalieë het soms eienaardige patrone van kondisionering tot gevolg gehad, byvoorbeeld die moontlikheid dat die sê van die letterkombinasies, soos „a-b" in plaas van die responsklas versterk is.

Met die oog hierop is die instruksies ook gewysig, in die opsig dat die proefpersoon die hele item of kern daarvan in sy eie woorde moes herhaal. Dié prosedure het verseker dat die onderhoudvoerder genoeg geleentheid gehad het om die korrekte responsklas korrek te kondisioneer en ook om kontrole oor die proefpersoon se houding uit te oefen, sodat dit seker kon wees dat die proefpersoon se gedagtes deurentyd by die taak was.

Die ander maatstawwe is gedurende praktiese periodes toegepas. Die klas was vir hierdie doel in drie praktiesgroepe verdeel.

Die Hanley-, Marlowe-Crowne- en emosionaliteitskale is in 'n langer vraelys onder die titel „Persoonlike Houdinge" (Sien Bylae C) ingesluit. Die addisionele items wat by hierdie ondersoek as bufferitems gedien het, was skale wat deur Viljoen (1966) gebruik is. Hierdie vraelys en die „Gesegde"-toets is gedurende een praktiese klas afgeneem. Die C.P.I. en die verborge figure-toets is gedurende 'n ander praktiese periode afgeneem.

# HOOFSTUK III.

## RESULTATE EN BESPREKING.

### VERBALE KONDISIONERING.

Aangesien die Kuder-vraelys by die kontrolegroep sonder enige wysiging van prosedure toegepas is, sou die korrelasies tussen die tellings vir die verskillende toepassings op toets-hertoets-betroubaarheidskoeffisiënte neerkom. In die geval van die sosiale skaal, wat as basis vir verbale kondisionering gedien het, was die korrelasies tussen die eerste en tweede en tussen die tweede en derde toepassings by die kontrolegroep onderskeidelik .99 en .98. Dat dié korrelasies, nieteenstaande die klein aantal gevalle (n=28) so hoog was, dui daarop dat hierdie meetinstrument hoogsbetroubaar was.

In die geval van die eksperimentele groep sou die eksperimentele veranderlike 'n verskil tussen die tellings by die verskillende fases veroorsaak het, indien dit enige uitwerking gehad het. Laer korrelasies sou dus hier verwag word as in die geval van die kontrolegroep. Die korrelasies tussen die eerste en tweede toepassing by die eksperimentele

groep was .74. Hoewel hierdie koëffisiënt hoogsbeduidend is (.001-grens), is dit ook hoogsbeduidend verskillend van dié in die geval van die kontrolegroep (Z = 5.10; Edwards, 1954).

Die korrelasie tussen die tweede en derde fases van die eksperimentele groep is .99. Die korrelasie is ook hoogsbeduidend (.001-grens) maar is terselfdertyd ook hoogsbeduidend verskillend van die korrelasie wat tussen die eerste en tweede fases van die eksperimentele groep (Z = 5.85) verkry is. Die verwagte uitdowing het dus nie plaasgevind nie, die kondisionering het bly voortbestaan. Dit kan dus aangeneem word dat daar by die eksperimentele groep wel invloede was wat die proefpersone beïnvloed het.

Tabel I toon rekenkundige gemiddeldes vir elke sel nadat die tellings geklassifiseer is volgens onderhoudvoerders en volgens die drie fases by die eksperimentele en kontrolegroepe afsonderlik.

Indien verbale kondisionering in 'n eksperiment soos hierdie plaasvind, sou verwag word dat die gevolge van versterking by die eksperimentele groepe sou blyk uit hoër tellings in fase 2 as in fase 1, en dat die gevolge van uitdowing sou blyk uit laer tel-

lings in fase 3 as in fase 2. Derglike neigings sou egter afwesig wees by die kontrolegroepe.

By inspeksie toon die resultate van onderhoudvoerder A in tabel I albei hierdie neigings, terwyl die resultate van onderhoudvoerder B slegs ŉ styging vanaf fase I na fase 2 toon. In die geval van die kontrolegroepe toon die resultate van beide proefnemers ŉ konstante dalende neiging vanaf fase 1 na 2 en 2 na 3. Die verklaring vir die laasgenoemde neiging moet waarskynlik gesoek word in ŉ mate van verveling wat ingetree het by herhaling van dieselfde taak en ŉ gevolglike mate van afname in samewerking.

TABEL I.

Gemiddeldes van verskillende fases by eksperimentele en kontrolegroepe vir twee onderhoudvoerders.

| | PROEFNEMER. | |
|---|---|---|
| FASES | A | B |
| Eksperimenteel: | | |
| Fase 1 | 17.50 | 23.36 |
| Fase 2 | 19.86 | 27.00 |
| Fase 3 | 19.71 | 27.79 |
| Kontrole: | | |
| Fase 1 | 17.86 | 16.14 |
| Fase 2 | 17.50 | 15.00 |
| Fase 3 | 16.80 | 14.85 |

Om te bepaal of hier duidelike verskille tussen die gemiddeldes is, is _t_-toetse gedoen. Die _t_-toetse is voorafgegaan deur _F_-toetse om te toets vir homogeniteit van variansie en die t-toetsprosedure is, na gelang van die resultate gekies (Edwards, 1954). Die gegewens in Tabel 2 toon dat daar tussen die verskillende fases van die eksperimentele groepe van onderhoudvoerders A en B geen duidende verskille tussen die gemiddeldes aanwesig was nie. Dieselfde resultate is ook verkry met die kontrolegroepe van onderhoudvoerders A en B.

As die verskille in gemiddeldes van die eksperimentele en kontrolegroepe van onderhoudvoerder A met mekaar vergelyk word, is daar by geen van die fases duidende verskille nie. Daar is egter wel 'n duidende verskil (.05- punt) tussen die variansies van die tellings wat die eksperimentele en kontrolegroepe van onderhoudvoerder A in die eerste fase behaal het. Verder was daar duidende gemiddelde verskille (.05-punt) tussen die tellings wat die eksperimentele en kontrolegroepe van onderhoudvoerder B in die eerste fase behaal het. Dat hierdie verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroepe voorgekom het, nieteenstaande die

wyse van toewysing, is moeilik verklaarbaar. Dit beteken egter dat die resultate van vergelykings tussen die twee groepe met groot omsigtigheid getref moet word. Streng genome was die kontrolegroepe van nog onderhoudvoerder A nog onderhoudvoerder B goeie kontroles vir die eksperimentele groepe.

Hierteenoor kan egter gestel word dat die hoofdoel met die gebruik van 'n kontrolegroep slegs is om te bepaal of daar bloot as gevolg van herhaalde toepassing van die Kuder-vraelys ook stygings of dalings in gemiddelde tellings sou voorkom wat met moontlike gevolge van versterking en uitdowing verwar kon word. Soos hierbo aangetoon, was dit klaarblyklik nie die geval nie en kan gestel word dat die kontrole-eksperiment om dié rede nie nutteloos was nie.

Duidende verskille het ook voorgekom tussen die gemiddelde tellings wat die eksperimentele en kontrolegroepe van onderhoudvoerder B gedurende fases 2 en 3 behaal het. Hierdie verskille vloei, in die eerste plek, uit die verskille wat reeds by die aanvang in fase 1 aanwesig was. Dat hierdie verskille groter was as dié in fase 1, is waarskynlik toe te skryf aan die neiging van die gemiddelde tellings van die

eksperimentele groep om van fase tot fase te styg, terwyl die neiging by die kontrolegroep was om van fase tot fase te daal.

Drie-rigting-variansie-ontledings is ook gedoen om te bepaal of daar duidende verskille tussen die groepe van die twee onderhoudvoerders aanwesig was; of daar verskille tussen die verskillende fases was; en of daar interaksie tussen die onderhoudvoerders in die verskillende fases was.

Aangesien geen geskikte variansie-ontledingsmodel gevind kon word wat ook vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroepe kon insluit nie, is verskille slegs by die eksperimentele en kontrolegroepe afsonderlik ondersoek, dit wil sê afsonderlike variansie-ontledings is uitgevoer. Model 15 van McNemar (1962) is vir hierdie doel gebruik.

Uit tabel 3 kan afgelei word dat daar wel duidende verskille tussen die onderhoudvoerders by die .05 grens in die geval van die eksperimentele groep en by die .01-grens in die geval van die kontrolegroep aanwesig was.

TABEL 2.

Vergelykings van variansies en gemiddeldes van verskillende fases, asook van eksperimentele en kontrolegroepe.

| | A | | B | |
|---|---|---|---|---|
| FASE | F | t | F | t |
| Eksperimenteel: | | | | |
| Fase 1-2 | 1.37 | .84 | 1.04 | 1.1 |
| Fase 2-3 | 1.75 | -- | 1.36 | - - |
| Fase 1-3 | 2.40 | .66 | 1.30 | 1.24 |
| Kontrole: | | | | |
| Fase 1-2 | 1.01 | .08 | 1.18 | .09 |
| Fase 2-3 | 1.24 | -- | 1.15 | -- |
| Fase 1-3 | 1.25 | .09 | 1.37 | .09 |
| Eksperimenteel/Kontrole: | | | | |
| Fase 1 | 2.82[a] | .01 | 1.07 | 2.13[b] |
| Fase 2 | 2.07 | .63 | 1.32 | 3.42[c] |
| Fase 3 | 1.25 | .89 | 1.25 | 3.32[c] |

Opmerking:

[a] Duidend by .05-punt ($F$ = 2.55)
[b] Duidend by .05-grens ($t$ = 2.101)
[c] Duidend by .01-grens ($t$ = 2.878)

Verder is daar ook duidelike verskille tussen die verskillende fases van die groepe gevind. By die eksperimentele groep was die verskil duidend by die .01-grens, terwyl dit by die kontrolegroep by die .05-grens duidend was.

Die interaksie van die onderhoudvoerders was in

geen van die gevalle duidend nie.

TABEL 3.

Resultate van variansie-ontledings vir eksperimentele en kontrolegroep.

| BRON VAN VARIANSIE | F | P |
|---|---|---|
| Eksperimentele groep: | | |
| Onderhoudvoerders: Á en B | 4.70 | .05 |
| Fases: 1, 2 en 3 | 12.01 | .01 |
| Interaksie | 1.11 | - |
| Kontrolegroep: | | |
| Onderhoudvoerders: A en B | 8.83 | .01 |
| Fases 1, 2 en 3 | 3.36 | .05 |
| Interaksie | .39 | - |

Duidende verskille is tussen onderhoudvoerders en tussen fases verkry. Die vraag is egter waar die duidende verskille lê. Het onderhoudvoerder B oor die algemeen sterker invloed op die proefpersone gehad as A, en waar lê die duidende verskille tussen die fases? Om die probleem op te los, is Tucky se prosedure gevolg om gemiddeldes vir variansie-ontledings te vergelyk (Edwards, 1954).

Volgens dié metode moet die verskil tussen die ge-

middeldes 6.64 vir die eksperimentele groep wees, en 8.19 vir die kontrolegroep. As die gemiddeldes in Tabel I van proefnemers A en B afsonderlik vir eksperimentele groepe vergelyk word, sien ons dat daar geen duidende verskil is nie. Dieselfde geld ook vir die kontrolegroepe. Geen een van die gemiddeldes verskil genoegsaam om duidend by die .05 grens te wees nie, alhoewel die neiging by proefnemer B se eksperimentele groep sterk is.

As proefnemers A en B se eksperimentele groepe se gemiddeldes met mekaar vergelyk word, vind ons dat daar ŉ verskil van 5.86 is tussen die eerste fases wat amper beduidend is. Die tweede en derde fases het ŉ verskil in gemiddeldes groter as 6.64. Die rede hiervoor soos ook alreeds aangedui met t-toetse is omdat proefnemer B skynbaar groter invloede op proefpersone gehad het as A. Vandaar die groter verskil tussen eerste en tweede fases. Omdat die eerste fases alreeds amper duidend verskil, spreek dit dus vanself wat die rede vir die duidende verskille tussen die tweede en derde fases is.

By die kontrolegroepe alleen is daar tussen beide onderhoudvoerders en tussen fases van onderhoudvoerders geen duidende verskil of ŉ neiging daartoe

nie.

BEWUSTHEID:

Nie een proefpersoon in die twee kontrolegroepe het enigiets ongewoons in verband met die eksperimentele situasie opgemerk nie. In die eksperimentele groepe was twee proefpersone by onderhoudvoerder A bewus van die versterker in drie proefpersone by onderhoudvoerder B.

Die algemene strekking van die onbewuste proefpersone se antwoorde op die vraelys oor bewustheid (Bylae G) lui soos volg:

1) Het gedink aan die vrae.
2) Om nuwe vraelys op te stel.
3) Om belangstelling van Sielkundestudente te bepaal.
4) Om toets-hertoets-betroubaarheid te bepaal.
5) Is tweekeer getoets om te bepaal of hulle nie geraai het nie.

Niemand het iets van die werklike eksperimentele manupilasie opgemerk nie, en hulle het ontken dat hulle beïnvloed was.

Die groep van vyf proefpersone wat bewus geword het van die versterkers, het gemeld dat die onderhoud-

voerders vrae beaam het, en vermoed dat dit gedoen is omrede die antwoorde ooreengestem het met hulle vorige antwoorde. Hulle het egter ook ont~~hou~~ ken dat hulle enigsins beïnvloed is deur die gedrag van die onderhoudvoerders.

Die proefpersone wat bewus was van kondisionering is ook met diegene/proefpersone van die groep wat onbewus was van kondisionering, vergelyk. Vir die doel is die Mann-Whitney-U-toets (Siegel, 1956) gebruik. As die gegewens in tabel 4 vergelyk word, word gevind dat geen telling duidend was by die .05 grens nie.

TABEL 4.

Vergelykings tussen persoonlikhede van proefpersone wat bewus was van kondisionering en die wat nie bewus was nie.

| PERSOONLIKHEIDSMAATSTAWWE | Z | P |
|---|---|---|
| Waarde-Oriëntasie (W.O.)-skaal | .43 | |
| Persoonlike Oriëntasie (P.O.)-skaal | .29 | |
| Verborge Figure | -.13 | |
| Gesegdes | 1.62 | |
| Hanley Ver.-skaal | .60 | |
| Emosionaliteit Em-skaal | -1.83 | |
| Marlowe-Crowne S-skaal. | .18 | |

Dit kan dus met sekerheid aangeneem word dat vir die aspekte van die persoonlikheid wat vergelyk is, die twee groepe homogeen was. Geen een van die aspekte was dus daarvoor verantwoordelik dat een persoon meer opmerksaam as 'n ander was nie.

BESPREKING VAN RESULTATE:

Uit die gegewens uit die t-toetse en die variansie-ontledings verkry, moet tot die gevolgtrekking gekom word dat geen statisties duidende verskille wat op kondisionering dui, verkry is nie. Die enigste aanduiding wat daar was, was dat daar 'n stygende neiging by die eksperimentele groepe was, en 'n dalende neiging by die kontrolegroepe.

Die stygende neiging was dan ook by onderhoudvoerder B hoër as dié van onderhoudvoerder A, maar nie duidend nie. Verder het dit ook geblyk dat onderhoudvoerder B se eksperimentele groep verskillend van die eksperimentele groep van A was in die opsig dat dit groter gemiddelde behaal het.

Die volgende moontlike verklarings kan vir bogenoemde bevindinge gegee word, naamlik:-

Eerstens moet aangesluit word by Hildum en Brown

(1956), Wimsatt en Vestre (1963) en Schultz, Staats en Staats (1962) se geledere dat vraelyste spesifiek met betrekking tot sosiale voorkeur nie gekondisioneer kan word nie. Die verskil hier met genoemde navorsers se navorsing is dat hier nie dieselfde gegewens gebruik is vir kondisionering nie. Die metode en tegniek wat gebruik is, was in alle gevalle ook nie dieselfde nie. Die prinsiep, naamlik dat in alle gevalle ŉ vraelys gebruik is, laat dit tog blyk dat sekere aspekte nie gekondisioneer kan word nie, terwyl andere wel gekondisioneer kan word. Uit die bespreking van die navorsing op vraelyste in Hoofstuk I wil dit ook voorkom asof die soort proefpersone wat gebruik is, ook ŉ belangrike rol speel. Oakes en Droge (1960) het byvoorbeeld statisties beduidende kondisionering verkry met die Si-skaal van die M.M.P.I. met studente as proefpersone, terwyl Wimsatt en Vestre (1963) nie resultate verkry het met pasiënte as proefpersone met dieselfde skaal nie. Of een of ander onbekende faktor hier ŉ rol gespeel het, is nie duidelik nie. Die verskil in proefpersone is nog ŉ ope vraag en verg verdere navorsing. Vir die huidige kan egter aanvaar word dat proefpersone ŉ belangrike faktor is wat in aanmerking geneem moet word.

Uit bogenoemde spekulasie kan gesê word dat die huidige ondersoek miskien geslaag sou gewees het indien dit op skoliere toegepas is.

Die rede waarom skoliere spesifiek gemeld word, is dat hulle nog nie 'n vaste beroepskeuse gemaak het nie en dus vir beïnvloeding beskikbaar sou gewees het. Die stelling hier is ook gebaseer op die resultate verkry van twee proefpersone wat groot stygings (7 en 8 tussen eerste en tweede fases onderskeidelik en 'n verdere styging van 8 en 4 onderskeidelik tussen tweede en derde fases. Dit wil dus voorkom asof, as kondisionering hier plaasgevind het, dit bly voortbestaan het en nie uitgedoof het nie, vandaar die verdere styging van die tweede na die derde fase) in fases behaal het, by onderhoudvoerder A, wel navraag gedoen het betreffende beroepsvoorligting. Aangesien dit egter geïsoleerde gevalle was, kan daar nie veralgemeen word nie maar kan tog as nuttige handleiding in verdere navorsing gebruik word. Dit sal 'n interessante bron van navorsing wees.

'n Tweede aspek is dat die taak wat aan die proefpersoon in die eksperiment opgelê is, en dié van andere, te moeilik vir die proefpersone was om in

die kort tydsbestek te verbaliseer. Oakes en Droge (1960) en Wimsatt en Vestre (1960) se navorsing kan hier weer as maatstaf geneem word. Hulle het wel nie gegewens omtrent intelligensie gepubliseer nie, maar dit sou interessant gewees het om die gegewens van studente en pasiënte te vergelyk. Het die studente nie miskien wel gekondisioneer nie, maar die pasiënte as gevolg van hierdie faktor nie gekondisioneer nie, of was dit sekere persoonlikheidsaspekte wat die deurslag gegee het.

Dit is 'n uiters moeilike probleem, daar nie al die aspekte in aanmerking geneem kan word nie, maar tog verdere navorsing verg om dit te beantwoord.

'n Verdere aspek wat ook nie uit die oog verloor moet word nie, is of „Mmm-hmm" wel 'n genoegsame versterker was om die proefpersoon 'n aanduiding te gee van wat verwag word. Dit is 'n mening wat ook Hildum en Browne (1956) uitgespreek het. Die verskil is egter dat laasgenoemde hulle navorsing en kondisionering oor die telefoon gegee het, terwyl dit hier in teenwoordigheid van die proefpersoon gegee is. Dit mag 'n verskil meebring, maar die vraag is nog of die verskil van genoegsame aard was om die deur-

slag te kon gegee het. Dit was dus moontlik dat die eksterne faktore wat teenwoordig is, met die teenwoordigheid van die proefnemer, hier nie voldoende was om die versterker „Mmm-hmm" meer sigbaar te maak nie.

ŉ Vierde punt wat ook genoem kan word en wat aansluit by die tweede, is of die skaal wat vir die responsklas gebruik is, te kort was, en dat die proefpersoon nie genoegsame geleentheid gehad het om te leer nie.

Die rede vir die stelling is gegrond op die feit dat onderhoudvoerder B se eksperimentele groep gemiddeld 5.86 verskil het van dié van A met betrekking tot die eerste fases. Teoreties het B se groep 5.86 dus meer ~~kere~~ keer versterking ontvang as die groep van A. Is dit nie miskien die rede waarom B se groep ŉ groter neiging getoon het om te kondisioneer nie? Sou kondisionering nie verkry gewees het as die responsklas uit sê byvoorbeeld 100 vrae bestaan het instede van die werklike 41 nie?

Dat onderhoudvoerder B se groep ook so verskil van dié van A kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat proefpersone wat alreeds ingedeel is in die

eksperimentele groepe, nie weer aangemeld het vir 'n tweede onderhoud nie, en die daaropvolgende persone ingesluit is, om die aantal in die eksperimentele en kontrolegroepe gelyk te maak.

Geen duidende verskille is ook tussen onderhoudvoerders verkry nie. Die neiging bestaan egter dat B 'n groter styging by eksperimentele groep behaal het en groter daling in tellings by kontrolegroep behaal het as onderhoudvoerder A. Die redes hiervoor is moeilik onder huidige omstandighede te verklaar.

Geen hipotese in verband met die verband tussen kondisioneerbaarheid en persoonlikheidskenmerke kon ondersoek word soos oorspronklik beoog is nie, omdat kondisionering nie plaasgevind het nie. Verder kon 'n ander aspek, naamlik hoe lank kondisionering bly voortbestaan, ook nie ondersoek word nie.

Met betrekking tot bewustheid van die eksperimentele invloede is geen duidende verskille in persoonlikheidskenmerke tussen die bewuste en onbewuste groepe gevind nie. Die aannames gestel met betrekking tot bewustheid is dus nie aanvaar nie, en ook nie gewysig nie. Die groepie wat bewus was, was ook te

klein om veralgemening toe te laat.

Tot die gevolgtrekking moet dus noodwendig gekom word dat die navorsing, soos blyk uit die resultate verkry, nie geslaagd was nie. Dat dit egter wel ŉ bydrae tot die wetenskap ten opsigte van die bestudering en beïnvloeding van die mens in sy komplekse wese is, kan nie verontagsaam word nie. Daar is tog sekere aspekte genoem wat verdere navorsers as leidraad kan gebruik om meer helderheid en kennis ten opsigte van die mens te kan verkry.

## OPSOMMING.

In hierdie studie is gepoog om die sielkunde en en die bedryf nader aan mekaar te bring. Hier is ondersoek of dit wel moontlik is om ŉ mens onbewustelik te beïnvloed volgens ŉ voorafopgestelde patroon, naamlik deur die Kuderbelangstellingsvraelys mondeling in die teenwoordigheid van die proefpersoon af te neem. Spesifiek is gepoog om die proefpersoon se sosiale belangstelling te manipuleer.

Eerstens is ŉ kort historiese oorsig van kondisionering gegee vanwaar dit begin het met Pavlov en Bechterev se eksperimente met honde wat in 1905

gepubliseer is en wat hulle gekondisioneerde refleks genoem het. Daarna is oorgegaan na die Behavioristiese Sielkunde van Watson waarin hy gepoog het om die mens objektief te bestudeer. Die aanvanklike ekstrimisme van die Behaviorisme het getemper geraak, maar die Neo-behavioristiese denkstelsels het dit verder gevoer. Daarna het Skinner gaan onderskei tussen „respondente" gedrag en „operante" gedrag. Respondente gedrag het hy verklaar deur refleksologie, die knieskyfrefleks is 'n voorbeeld hiervan. Dit is egter die operante gedrag wat hier ondersoek is, en hy was van mening dat die menslike gedrag operant van aard is, en dit kom meestal na vore in die „verbale gedrag" van die mens. Verbale gedrag definieer hy as gedrag waarvan die versterking deur bemiddeling van 'n ander persoon gelewer word. Hierna is oorgegaan om verbale kondisionering te bespreek en wat alles onder die begrip verstaan word.

Verder is 'n kort oorsig gegee oor die vernaamste eksperimentele prosedures wat navorsers in hulle navorsing gebruik het. Hoofsaaklik is vier prosedures gevolg naamlik die eerste waar die proefpersoon gevra is om woorde op te noem en 'n sekere

woordklas is dan versterk.

Die mees algemene prosedure is egter die Taffel-prosedure. Hier is vyf voornaamwoorde saam met ŉ werkwoord op ŉ kaartjie getik. Die proefpersoon moes dan met ŉ voornaamwoord en die werkwoord ŉ sin maak. Elke keer as ŉ voorafbepaalde voornaamwoord gekies is, is die responsklas versterk. ŉ Derde prosedure waar nog minder struktuur aanwesig is, naamlik die onderhoudsituasie, is ook gebruik, en dan die onderhoud waar feitlik geen struktuur aanwesig is nie, naamlik in ŉ gewone geselskap. Die laaste prosedure wat gevolg is, is die sogenaamde „gestruktureerde onderhoud", waarvan hierdie studie ook ŉ voorbeeld is, naamlik waar ŉ vraelys mondeling afgeneem word. Spesifiek hier is die eksperimente van Hildum en Brown (1956), Oakes en Droge (1960), Wimsatt en Vestre (1963), Nuthman (1957), Singer (1961), en Schulz, Staats en Staats (1962) en die resultate en probleme wat hulle in die verband ondervind het, bespreek.

Verder is ŉ literatuuroorsig van die verband tussen kondisioneerbaarheid en sekere persoonlikheidskenmerke en die resultate wat daarmee gevind is, gegee.

In die tweede hoofstuk is 'n bespreking van die metode en vraelys wat in hierdie eksperiment gebruik is, gegee, asook 'n bespreking van die persoonlikheidsmaatstawwe, naamlik die verdedigende instelling van Hanley, die instemmingsinstelling van Bass, die sosiale wenslikheidsinstelling van Crowne en Marlowe, die Pittsburgh-emosionaliteitskaal van Bendig, die faktoriale skale van die Californiese psigologiese inventaris (C.P.I.) en die verborge figuretoets. Die oogmerk met die maatstawwe was om te bepaal wat die invloed van dié faktore op die mate van kondisioneerbaarheid van die mens is.

In die laaste hoofstuk is die verwerking van die resultate en die bevindinge weergegee en ten slotte is sekere probleme genoem wat vir verdere navorsing tot nut sal wees.

## SUMMARY.

This dissertation is an attempt to relate psychology and industry. Investigation took place in order to determine whether it is indeed possible to influence a human being subconsciously according to a predisigned prepared pattern, viz. by means of applying the "Kuder Preference Record test orally in the presence of the subject. A particular attempt was made to manipulate the social interests of the subject.

In the first place we have a brief historic survey of the conditioning process from the initial experiments with dogs conducted by Pavlov and Bechterev, published in 1905, and which they called conditioned reflexes. After this brief survey the spotlight is focussed on the Behavioristic Psychology of Watson, that school of psychology that attempts to make an objective study of all that constitutes human personality. The initial fires of extreminism of the Behavioristic Psychology had died down but the Neo- Behavioristic systems of thought again fanned the flames. Soon Skinner distinguished between "Respondent" behavior and "operant" behavior. He attempted to explain respondent behavior by means

of reflexology of which cartilege reflex is a relevant example. However, he actually investigated operant behavior and came to the conclusion that human behavior is operant nature and it occurs most frequently in "verbal behavior". He defines "verbal behavior" as behavior that is reinforced through the agency of another person. Following this definition "verbal conditioning" is discussed as well as all that is covered by this term.

Next follows a short survey of the most important experimental procedures followed by investigators in their research. Four principal procedures have been studied: In the first one the subject is asked to name words that occur to him. Thus the response to a certain group is strengthened. The second procedure is the Taffel method which is the most popular method. Five pronouns and a verb are typed on a card. The subject is then requested to construct a sentence using one of the pronouns and the verb. Whenever a predetermined pronoun is chosen the class responded to is reinforced. A third method that follows even less of a set pattern is also utilized, viz. the interview. The fourth procedure is the method where practically no set pattern is present,

namely ordinary everyday conversation. The last procedure followed is the so-called "Predisigned interview" of which this dissertation is an example, viz. and oral questionaire. The experiments conducted by Hildum and Brown (1956), Oakes and Droge (1960), Wimsatt and Vestre (1963), Nuthman (1957), Singer (1961) and Schulz, Staats and Staats (1902), the results achieved and the problems encountered are parcticulary discussed in this dissertation.

In addition a survey has been made of the literature dealing with the relationship of conditionability - the subjects' response to the conditioning process - and certain personality traits (characteristics) as well as the results of experiments conducted in this connection.

In the second chapter the method and the questionaire used in this experiment are elucidated. The tests devised for Personality measurement viz. the Defensiveness scale of Hanley, Acquiescence response set of Bass, the Social Desirability scale of Crowne and Marlowe, the Pittsburgh Emotionality scale of Bendig, the factor scale of the Californian Psychological Inventory (C.P.I.) and the Imbedded Figure tests are also treated. The purpose of

these methods of measurement is to determine what effect these particular factors will have on the degree of response to conditioning of the human being.

In the last chapter the interpretation of the results, and the conclusions drawn, are noted. Finally attention is drawn to some relevant problems which may prove of value to those conducting further investigations.

## LITERATUURLYS.

Arginteanu, J. Verbal conditioning, awareness and their relation as a function of measures of social desirability and resistance to verbal conditioning.
*Dissert. Abstr.*, 22; 2873, 1962.

Azrin, N.H., Holz, W., Ulrich, R., Goldiamond, J. The control of conversation through reinforcement.
*J. exp. anal. behav.*, 4; 25 - 30, 1961.

Bass, B.M. Development and evaluation of a scale for measuring social acquiscence.
*J. abnorm. soc. Psychol.*, 53; 296-299, 1956.

Bendig, A.W. The Pittsburgh scales of social extraversion-introversion and emotionality.
*J. Psyhol.*, 53; 199-209, 1962.

Binder, A., McConnel, D. and Sjoholm, N.A. Verbal conditioning as a function of experimenters characteristics.
*J. abnorm. soc. Psychol.*, 55; 309-314, 1957.

Blaufarb, H. The relation of experimenters status and achievement imagery to the conditioning of verbal behavior.
*Dissert. abstr.*, 21; 2793, 1961.

Blaylock, J.J. Verbal conditioning performance of psychopaths and nonpsychopaths under verbal

reward and punishment.
Dissert. abstr., 21; 1628, 1960.

Buss, A.H. and Gerjuoy, I.R. Verbal conditioning and anxiety.
J. abnorm. soc. Psychol., 57; 249-250, 1958.

Cairns, R.B. and Lewis, M. Dependency and the reinforcement value of a verbal stimulus.
J. consult. Psychol., 26; 1-8, 1962.

Campbell, J.M. Jnr. Verbal conditioning as a function of the personality characteristics of experimenters and subjects.
Dissert. abstr., 20; 4713, 1960.

Caruth, C.J. Clinical implications of verbal learning without awareness: an experimental study.
Dissert. abstr., 22; 3265, 1962.

Centers, R. A laboratory application of the conversational procedure for the conditioning of verbal operants.
J. abnorm. soc. Psychol., 67; 334-339, 1963.

Craddick, R.A. and Campittel, J. Verbal conditioning: Resistance to extinction as a function of reinforcement and need for social approval.
Psyhol. Rep., 14; 63-66, 1964.

Crowne, D.P. and Marlowe, D. A new scale of social desirability independant of psychopathology.
*Psychol.*, 24; 349-354, 1960.

Crowne, D.P. and Marlowe, D. The approval motive: Studies in evaluative dependence.
New York, Wiley, 1964.

Crowne, D.P. and Strickland, Bonnie. The conditioning of verbal behavior as a function of the need for social approval.
*J. abnorm. soc. Psychol.*, 63; 359-401, 1961.

Daily, J.M. Verbal conditioning without awareness.
*Dissert. abstr.*, 13, 1247, 1953.

Deppe, C.M. A study of the relationship between self-acceptance and various other aspects of personality-function.
Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1964.

DuLany, D.E. Hyphothesis and habits in verbal "operant conditioning".
*J. abnorm. soc. Psychol.*, 63; 251-263, 1961.

Dunette, M.D. and Kitchner, W.K. Psychology applied to industry.
New York, Appleton-Century-Crofts, 1965.

Edwards, A.L. Statistical methods for the behavioral sciences.
New York, Holt, Rinehart, Winston, 1954.

Fattu, N. and Mesch, E.V. Resistance to extinction of verbal responses following two patterns of reinforcement.
J. genet. Psychol., 53; 193-198, 1955.

Ferguson, D.C. and Buss, A.H. Operant conditioning of hostile verbs in a relation to experimenter and subject characteristics.
J. consult. Psychol., 24; 324-327, 1960.

French, J.W., Ekstrom , Ruth, B. and Price, L.A. Manual for kit of reference tests for cognitive factors.
Princeton N.J., Educational Testing Service, 1963.

Goldman, L. Using tests in counseling.
New York, Appleton-Century-Crofts, 1961.

Greenspoon, J. The effect of two non-verbal stimuli on the Frequency of members of two verbal response classes.
Amer. Psychologist, 9; 384; 1954.

Greenspoon, J. The reinforcing effect of two spoken sounds on the frequency of two responses.
Amer. J. Psychol., 68; 409-416, 1955.

Greenspoon, J. Verbal conditioning and clinical psychology. In Bachrach, A.J. (Red.) Experimental foundations of clinical psychology. New York, Basic Books; 1962.

Greenspoon, J. Reply to Spielberger and De Nike: A Failure to replicate the Greenspoon effect. Psychol. Rep., 12; 29-30, 1963.

Gough, H.G. Manual for the California Psychological Inventory. Palo Alto, Consulting Psychologists Press, 1957.

Hanley, C. Deriving a measure of test-training defensiveness. J. Consult. Psychol., 21; 391-97, 1957.

Hattingh, J.M. Die vraagstuk van die waarneming van visuele bewegingsillusie histories, prinsipieel en eksperimenteel ondersoek. D. Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika. Potchefstroom, Pro Rege, 1946.

Hildum, D.C. and Brown, R.W. Verbal reinforcement and interviewer bias. J. abnorm. soc. Psychol., 53; 108-111, 1956.

Hilgard, E.R. Theories of learning. New York, Appleton-Century-Crofts, 1948.

Johns, J.H. and Quay, H.C. The effect of social reward on verbal conditioning in psychopathic and neurotic military offenders. J. consult. Psychol. 26; 217-220, 1962.

Kirman, W.J. The relationship of learning with and without awareness to personality needs. Dissert. Abstr., 19; 362, 1958.

Krasner, L. The use of generalized reinforcers in psychotherapy research. Psychol. Reports, 1; 19-25, 1955.

Krasner, L. Studies of the conditioning of verbal behavior. Psychol. Bull., 55; 148-170, 1958.

Leipold, W.D. and James, L. Characteristics of shows and no-shows in psychological experiment. Psychol. Rep., 11; 171-174, 1962.

Leventhal, A.M. The effects of diagnostic category and reinforcer on learning without awareness. J. abnorm. soc. Psychol., 59; 162-166, 1959.

Levin, S.M. The effects of awareness on verbal conditioning. J. exp. Psychol., 61; 67-75, 1961.

Mandler, G. and Kaplan, W.K. Subjective evaluation and reinforcing effect of a verbal stimulus. Science, 124; 582-583, 1956.

Marlowe, D. Need for social approval and the operant conditioning of meaningful verbal behavior. J. consult. Psychol. 26; 79-83, 1962.

Matarazzo, J.D., Saslow, G. and Pareis, E.N.
Verbal conditioning of two response classes:
Some methodological considerations.
J. abnorm. soc. Psychol., 61; 190-206, 1960.

McDonnel, C.R. and Inglis, J. Verbal conditioning
and personality.
Psychol. Rep., 10; 347, 1962.

McGuigan, F.J. The experimenter: A neglected
stimulus object.
Psychol. Bull., 60; 421-428, 1963.

McNemar, Q. Psychological Statistics. (3e Uitg.)
New York, Wiley, 1962.

Nichols, R.C. and Schnell, R.R. Factor scales
for the California Psychological Inventory.
J. consult. Psychol., 27; 228-235, 1963.

Nuthmann, Anne M. Conditioning of a response
class on a personality test.
J. abnorm. Soc. Psychol., 54; 19-23, 1957.

Oakes, W.F. and Droge, A.E. Operant conditioning
of a response to social introversion scale items
on the M.M.P.I.
Psychol. Rep., 6; 223-225, 1960.

Quarrick, E.A. Verbal conditioning of approach
and avoidance achievers under conditions of
prestige and ego-involvement.
Dissert. Abstr., 23; 695, 1962.

Salzinger, K. Experimental manipulation of verbal behavior: a review.
_J. gen. Psychol._, 61; 65-94, 1959.

Salzinger, K. and Pisoni, S. Reinforcement of affect responses of schizophrenics during the clinical interview.
_J. abnorm. soc. Psychol._, 57; 84-90, 1958.

Sapolsky, A. Effect of interpersonal relationship upon verbal conditioning.
_J. abnorm. soc. Psychol._, 60; 241-246, 1960.

Sarason, B.R. The effects of verbally conditioned response classes on post conditioning tasks.
_Dissert. Abstr._, 12; 679, 1957.

Sarason, I.G. Interrelationship among individual difference variables, behavior in psychotherapy and verbal conditioning.
_J. abnorm. Soc. Psychol._, 3; 339-344, 1958.

Sarason, I.G. and Campbell, J.M. Anxiety and the verbal conditioning of mildly hostile verbs.
_J. Consult. Psychol._, 26; 213-216, 1962.

Schultz, R.E., Staats, A.W. and Staats, C.K. Conditionability of respons to occupational scale items of the Strong Vocational Interest Blank for men.
_Psychol. Rep._, 10; 447-450, 1962.

Siegel, S. Nonparametric statistics for the behavioral sciences.
New York, McGraw-Hill, 1956.

Singer, R.D. Verbal conditioning and generalization of prodemocratic responses.
J. abnorm. Soc. Psychol., 63; 43-46, 1961.

Skinner, B.F. Science and human behavior.
New York, Macmillan, 1953.

Skinner, B.F. Verbal behavior.
New York, Appleton-Century-Crofts, 1957.

Skinner, B.F. Reinforcement today.
Amer. Psychologist, 13; 94-99, 1958.

Southwell, E.A. Verbal conditioning as a function of experimenters and subject's dominance.
Dissert. abstr., 22; 2879, 1962a.

Southwell, E.A. Conditioning of hostile and neutral verbs in neurotics and normals.
J. consult. Psychol., 26; 275-262, 1962b.

Southwell, E.A. A note on awareness in verbal conditioning. Psychol. Rep., 10; 40, 1962c

Spielberger, C.D. and De Nike, L.D. Operant conditioning of plural nouns: a failure to replicate the Greenspoon effect.
Psychol. Rep., 11, 355-366, 1962.

Strickland, Bonnie R. The relationship of awareness to verbal conditioning and extinction. Dissert. abstr., 23; 2988, 1962

Strümpfer, D.J.W., Strümpfer, Ester en Meyer, C.J. Afrikaanse verwerking van die Californiese Psigologiese Inventaris. Ongepubliseerde manuskrip, P.U. vir C.H.O.

Sweetbaum, H.A. Comparrison of the effects of introversion-extroversion and anxiety on conditioning. J. abnorm. soc. Psychol., 66; 249-254, 1963.

Taffel, C. Anxiety and the conditioning of verbal behavior. J. abnorm. soc. Psychol., 51; 496-501, 1955.

Tiffen, J. and McCormick, E.J. Industrial psychology. London, Allen and Unwin, 1962.

Thurstone, L.L. and Jeffrey, J.E. (s.j.) Test information: Concealed figures, a test of flexibility of closure. Chicago, Education-Industry-Service.

Van der Veen, Y.N. Enquêteren over "Moeilijke Onderwerpen". Psychologie, 19; 235, 1964.

Van der Westhuizen, J.G.L. 'n Ondersoek na bepaalde persoonlikheidsverskille tussen kosgangers en dagskoliere aan hoërskole in Suidwes-Afrika. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965.

Verplanck, W.S. The control of the content of conversation: reinforcement of statements of opinion. <u>J. abnorm. soc. Psychol</u>., 51; 668-676, 1955.

Viljoen, H.G. Sekere aspekte van verbale kondisionering in die ongestruktureerde onderhoud. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1966.

Watson, J.B. Behaviorism. New York, People's Institute, 1924.

Wilson, W.C. and Verplanck, W.S. Some observations on the reinforcement of verbal operants. <u>Amer. J. Psychol</u>., 69; 448-51, 1956(a) en (b)

Wimsatt, W.R. and Vestre, N.D. Extra-experimental effects in verbal conditioning. <u>J. consult. Psychol</u>., 27; 400-404, 1963.

Winfree, P. and Meyer, M. Sociability and the conditioning of pronouns "I" and "We". <u>Psychol. Rep</u>., 13; 781-782, 1963.

# BYLAES.

## BYLAE A

## DEPARTEMENT SIELKUNDE,

## POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

## KUDER SE BELANGSTELLINGS VRAELYS.

## FORM CH.

| | Meeste | Minste |
|---|---|---|
| Wanneer ek reis skenk ek spesiale aandag aan | | |
| a) die mense. | 0 | 0 |
| b) die natuurskoon. | 0 | 0 |
| c) die landerye | 0 | 0 |
| A) Om klas vir ŉ blinde student te gee. | | 0 |
| B) Om rekord van verkeer by ŉ sekere plek te hou. | 0 | 0 |
| C) Om in ŉ navorsingsprojek onderhoude met mense te voer oor die openbare mening | 0 | 0 |
| Om die volgende op ŉ tentoonstelling te besoek nl. | | |
| a) die vermaaklikhede. | 0 | 0 |
| b) uitstallings van ingelegte goedere | 0 | 0 |
| c) die lewende hawe. | 0 | 0 |
| A) Om in ŉ gimnasium te oefen. | 0 | 0 |
| B) Om vis te vang. | 0 | 0 |
| C) Om bofbal te speel. | 0 | 0 |
| A) Om rond en bond in ŉ biblioteek te lees. | 0 | 0 |
| B) Om ŉ repetisie van ŉ groot orkes by te woon. | 0 | 0 |
| C) Om ŉ akwarium te besoek. | 0 | 0 |

| | Meeste | Minste. |
|---|---|---|
| Om die volgende te versamel nl. | | |
| a) handtekeninge van beroemde mense | 0 | 0 |
| b) skoenlappers. | 0 | 0 |
| c) verskillende soorte hout. | 0 | 0 |
| Om uitstallings van die volgende by te woon nl. | | |
| a) van beroemde skilderye. | 0 | 0 |
| b) van verskillende vervoermiddele. | 0 | 0 |
| c) van laboratorium toerusting. | 0 | 0 |
| A) Aartappels te verkoop. | 0 | 0 |
| B) Om orrelis(te) te wees. | 0 | 0 |
| C) Om aartappels te kweek. | 0 | 0 |
| Om die volgende te besoek | | |
| a) ŉ wetenskap museum. | 0 | 0 |
| b) ŉ reklame agentskap. | 0 | 0 |
| c) ŉ fabriek waar tikmasjiene vervaardig word. | 0 | 0 |
| A) Om stories vir siek persoon voor te lees. | 0 | 0 |
| B) Toertjies vir ŉ hond te leer. | 0 | 0 |
| C) Stukkende speelgoed uitmekaar te haal om dit te herstel. | | |
| Om ŉ kursus in een van die volgende te neem nl. | | |
| a) tekenkuns. | 0 | 0 |
| b) biologie. | 0 | 0 |
| c) metaalwerk. | 0 | 0 |
| Om die volgende te doen nl. | | |
| a) ŉ stukkende naaimasjien te herstel. | 0 | 0 |
| b) klavier te speel. | 0 | 0 |
| c) interessante toneel te teken. | 0 | 0 |
| Om na die volgende radioprogramme te luister hoe om | | |
| a) vrugtebome te kweek. | 0 | 0 |
| b) artikels van plastiek te maak. | 0 | 0 |
| c) natuurlike fotos van wilde diere te neem. | 0 | 0 |
| A) Om tydskrifartikels te skryf om raad te gee aan mense oor hul persoonlike probleme. | 0 | 0 |
| B) Om goeie honde te teel. | 0 | 0 |
| C) Om studie oor die effektiwiteit van verskillende tipes besigheidsbriewe te maak. | 0 | 0 |

| | Meeste | Minste. |
|---|---|---|
| Om gesaghebbende te wees op die gebied van | | |
| a) kontrak-brug (kaartspel) | O | O |
| b) grondbewaring. | O | O |
| c) reklamebord advertensie. | O | O |
| Om die volgende plekke te besoek nl. | | |
| a) ʼn rolprentateljee. | O | O |
| b) ʼn nasionale park bekend vir sy bergagtige natuurskoon. | O | O |
| c) ʼn geskiedkundige slagveld. | O | O |
| Om oor die volgende onderwerpe te lees nl. | | |
| a) beroemde mans en vroue in die openbare lewe. | O | O |
| b) verskillende skrywers se siening oor hoe ʼn ideale wêreld sal wees. | O | O |
| c) oor die lewe van vroeë pioniers van ʼn land. | O | O |
| A) Om mense te adviseer oor hoe om hul persoonlikheid te ontwikkel. | O | O |
| B) Om seldsame diere vir die museum te vang. | O | O |
| C) Om tjeks vir mense in die bank te wissel. | O | O |
| Om aan een van die volgende te behoort nl. | | |
| a) ʼn groep wat die probleme van die moderne lewe bespreek. | X | O |
| b) ʼn groep wat die letterkunde bespreek. | O | O |
| c) ʼn amateur sterrekunde vereniging | O | O |
| A) Om klas in Afrikaans aan nuwe burgers te gee. | X | O |
| B) Om aandele en effekte te verkoop. | O | O |
| C) Om hoof kok in ʼn restaurant te wees. | O | O |
| A) Om nuwe variëteite blomme te kweek. | O | O |
| B) Om advertensie veldtog vir blomkwekers te onderneem. | O | O |
| C) Om bestellings oor telefoon in bloemistewinkel te neem. | O | O |

| | Meeste | Minste |
|---|---|---|
| A) Om direkteur van 'n groep te wees wat navorsing oor propaganda metodes onderneem. | O | O |
| B) Om 'n dekaan aan 'n universiteit te wees. | O | O |
| C) Om 'n deskundige in kleurfotografie te wees. | O | O |
| A) Om afrigter van 'n groep te wees wat eerste plek in 'n nasionale drama kompetisie gewen het. | O | O |
| B) Om 'n prent oor die geskiedenis van die wêreld te skilder. | O | O |
| C) Om 'n variëteit pitlose kersies te kweek. | O | O |
| Om gedeelte van jou uitgawes op Universiteit op die volgende maniere te help dek, nl. om | | |
| a) In 'n laboratorium te help. | O | O |
| b) eksamen vraestelle na te sien. | O | O |
| c) in 'n orkes te speel. | O | O |
| A) Om oor die geskiedenis van die noodhulp te skrywe. | O | O |
| B) Om informasie, wat nuwe lig op beroemde historiese gebeurtenis sal werp, te soek. | O | O |
| C) Om musiek blyspel te skrywe. | O | O |
| A) Om klas in Afrikaans te gee. | O | O |
| B) Om bestellings oor telefoon in winkel te neem. | O | O |
| C) Om mense se opinie vra oor telefoon in 'n ondersoek na die openbare mening. | O | O |
| A) Om handelsware te koop om in departementele winkels te verkoop. | O | O |
| B) Om met applikante wat aansoek om 'n werk in 'n winkel onderhoude te voer. | O | O |
| C) Om 'n "Cowboy" te wees. | O | O |
| Om te lees oor | | |
| a) moderne besigheids metodes. | O | O |
| b) gewoontes van mense in ander lande. | O | O |
| c) moderne boerdery metodes. | O | O |

| | Meeste | Minste |
|---|---|---|
| Om by ŉ weerstasie op die volgende plekke te werk | | |
| a) Noordpool. | O | X |
| b) stad. | O | O |
| c) berge. | O | O |
| | | |
| Om bekend te wees as | | |
| a) direkteur van ŉ wetenskaplike navorsings instituut. | O | O |
| b) Sosiale werker(ster). | X | O |
| c) kritikus in die letterkunde. | O | O |
| | | |
| A) Om die agtergrond van ŉ toneel te ontwerp. | O | O |
| B) Om chemiese analise van nuwe tandepaste te maak. | O | O |
| C) Om artikel vir huisvroue te skryf oor hoe om huishoudelike instrumente te herstel. | O | O |
| | | |
| A) Onderhoude met applikante vir ondersteuning te voer. | X | O |
| B) Om verskillende verkoopsbriewe uit te toets om te sien watter tipe die beste resultate lewer. | O | O |
| C) Om metodes te ontwikkel om doeltreffender kantoorbestuur te verkry. | O | O |
| | | |
| A) Om die finansiële nuus vir ŉ koerant te skrywe. | O | O |
| B) Navorsing te doen om ŉ ligter en sterker metaal te verkry. | O | O |
| C) Om ŉ model dorp vir fabriekswerkers te bestuur. | X | O |
| | | |
| Om die volgende plekke te besoek: | | |
| a) ŉ goeie kuns museum. | O | O |
| b) ŉ ontspannings sentrum vir mense in die agterbuurtes. | X | O |
| c) ŉ bekende mediese navorsings laboratorium. | O | O |
| | | |
| A) ŉ Woordeboek van plattaal (slang) saam te stel. | O | O |
| B) ŉ Teë middel teen hooikoors te ontdek | X | O |
| C) Om nuwe kantoor prosedures in groot onderneming in te stel. | O | O |

| | Minste | Meeste |
|---|---|---|
| Om te lees oor die | | |
| a) geskiedenis van drama. | 0 | 0 |
| b) vroeë vorme van musiek. | 0 | 0 |
| c) die effek van taal op die gedrag. | 0 | 0 |
| A) Om chemiese analises van nuwe handelsprodukte te maak. | 0 | 0 |
| B) ŉ Kunsmatige long te ontwerp wat die draer sal toelaat om vryelik te beweeg. | 0 | 0 |
| C) Om grafieke wat besigheidstoestande aandui saam te stel. | 0 | 0 |
| A) Om advertensies, in motors wat by ŉ straat hoek verby gaan, te plaas. | 0 | 0 |
| B) Om die aantal motors wat op verskillende tye om ŉ hoek gaan, te tel. | 0 | 0 |
| C) Om verkeer op ŉ straathoek te reguleer. | 0 | 0 |
| A) Om aan kreupel kinders oefening te gee. | 0 | 0 |
| B) Om aartappels vir die mark te kweek. | 0 | 0 |
| C) Mense te leer vleg en mandjies maak. | 0 | 0 |
| A) Om by ŉ liefdadigheidsorganisasie vir geld aansoek te doen. | 0 | 0 |
| B) Om daaglikse verslae oor die werksaamhede van die organisasie te skryf. | 0 | 0 |
| C) Om rekord te hou van die geldelike skenkings aan die organisasie. | 0 | 0 |
| Om by die voorbereiding van ŉ groot troue | | |
| a) die leiding te neem. | 0 | 0 |
| b) om uitnodigingskaartjies uit te stuur. | 0 | 0 |
| c) om ŉ tydskrif artikel daaroor te skryf. | 0 | 0 |
| A) Om ŉ roman te skrywe. | 0 | 0 |
| B) Navorsing oor die psigologie van musiek te doen. | 0 | 0 |
| C) ŉ Pottebakker te wees. | 0 | 0 |
| A) Om oor die effektiwiteit van verskillende verkoopsmetodes navorsing te doen. | 0 | 0 |
| B) Briewe in ŉ poskantoor te sorteer. | 0 | 0 |
| C) Kuikens groot te maak. | 0 | 0 |

| | Meeste | Minste |
|---|---|---|
| A) Om koerant artikels oor huidige gebeure te skryf. | O | O |
| B) Om populêre lesings oor chemie te gee. | O | O |
| C) Jongmense hulle beroepskeuse te help doen. | X | O |
| | | |
| A) Bestuurder van ʼn groot departementele winkel te wees. | O | O |
| B) Oor televisie navorsing te doen. | O | O |
| C) Om direkteur van ʼn ontspanningssentrum vir ʼn welsynsorganisasie te wees. | X | O |
| | | |
| A) Om oor ʼn groep tiksters toesig te hou. | O | O |
| B) Onderhoude met applikante vir werk te voer. | O | O |
| C) Om ʼn privaat sekretaris (esse) te wees. | O | O |
| | | |
| A) Om strokiesverhale te teken. | O | O |
| B) Advertensie vir elektriese toerusting te skryf. | O | O |
| C) Transport depot te bestuur. | O | O |
| | | |
| A) Om in die maak van suikerklontjies waarvan jy die resep nie ken nie, te eksperimenteer. | O | O |
| B) Stories aan kinders te vertel. | X | O |
| C) Waterverftekeninge te doen. | O | O |
| | | |
| A) Chemiese navorsing te doen. | O | O |
| B) Onderhoude met applikante vir indiensneming te voer. | O | O |
| C) Toekomsverhale vir tydskrif te skryf. | O | O |
| | | |
| A) Om ʼn mooi toneel te skilder. | | |
| B) Om met verskillende tipes seile te eksperimenteer vir ʼn speel seilbootjie om te sien watter tipe die beste werk. | O | O |
| C) Om ʼn opstel op dieselfde manier as ʼn sekere skrywer te skryf. | O | O |
| | | |
| Om vir ʼn amateur toneelstuk | | |
| a) Kaartjies te verkoop. | O | O |
| b) Kopie van die programme en kaartjies voor te berei. | O | O |
| c) tesourier te wees. | O | O |

| | Meeste | Minste |
|---|---|---|
| A) Om die koste van produksie van ŉ skottelgoedwasser te bereken. | O | O |
| B) Om finansiers te oorreed om in die skottelgoedwasser fabriek te belê. | O | O |
| C) Om mense te leer om die skottelgoedwasser te gebruik. | X | O |
| | | |
| A) Om die resultate wat in ŉ ondersoek oor die openbare mening verkry is te verwerk. | O | O |
| B) Om hoofartikels vir koerante te skryf. | O | O |
| C) Om tydens ŉ kamp handwerk aan kinders van die agterbuurtes te leer. | X | O |
| | | |
| Om te lees oor | | |
| a) die oorsake van verskillende siektes. | X | O |
| b) sukses verhale van leiers in die industrie. | O | O |
| c) hoe om goeie honde te teel. | O | O |
| | | |
| A) Om kunstenaars benodigdhede te verkoop. | O | O |
| B) Saad vir bloemistewinkel te kweek. | O | O |
| C) Witmuise vir wetenskaplikes te teel. | O | O |
| | | |
| A) Om in ŉ laboratorium eksperimente uit te voer. | O | O |
| B) Om meubels te maak. | O | O |
| C) Assuransie te verkoop. | O | O |
| | | |
| A) Om ŉ deskundige juweelslyper te wees. | O | O |
| B) Om navorsing te doen om ŉ plaasvervanger vir rubber te kry. | O | O |
| C) Om musiek kommentator oor die radio te wees. | O | O |
| | | |
| A) Om in ŉ siekekamer te help. | X | O |
| B) Musikale instrumente te verkoop. | O | O |
| C) Huishoudelike toerusting te herstel. | O | O |
| | | |
| A) Blompotte te ontwerp. | O | O |
| B) Om beter metode te vind om blompotte te vervaardig. | O | O |
| C) Om bestuurder van ŉ blompotfabriek te wees. | O | O |

| | Meeste | Minste |
|---|---|---|
| A) Om rekenings van klante in ŉ kafeteria te bereken. | O | O |
| B) Om kinders model vliegtuie te leer bou. | O | O |
| C) Om vir wetenskaplikes wat mediese navorsing doen rekord te hou. | O | O |
| A) Toesig te hou oor speelgronde vir minderbevoorregte kinders. | X | O |
| B) ŉ Kok in ŉ goeie restaurant te wees. | O | O |
| C) Chemiese toebehore te verkoop. | C | O |
| A) Om ŉ groot verskeidenheid handwerk gereedskap te versamel. | O | O |
| B) Om prenteboek van prente en tekeninge waarvan jy hou, te maak. | O | O |
| C) Om noodhulpuitrusting vir gevalle van nood op te bou. | O | O |
| A) Om ŉ amateur toneelspel af te rig. | O | O |
| B) Om programme en kaartjies vir ŉ toneelspel te laat druk. | O | O |
| C) Om ŉ toneelspel te skryf. | O | O |
| Om vir nuwe skottelgoedwassers | | |
| a) advertensies voor te berei. | O | O |
| b) die koste van produksie te bereken. | O | O |
| c) te verkoop. | O | O |
| Om artikel in koerant te skryf oor | | |
| a) die plaaslike skinderpraatjies. | O | O |
| b) persoonlike advies. | O | O |
| c) tuinbou. | O | O |
| Om ŉ | | |
| a) handelsreisiger te wees. | O | O |
| b) ontwerper te wees. | O | O |
